MULTIKULTURELE AANNEMING : 'N MAATSKAPLIKE WERK PERSPEKTIEF

deur

Esna Bruwer

Pectora roborant cultus recti

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van Magister in Maatskaplike Werk aan die Universiteit van Stellenbosch

Studieleier: Dr. S.P Kruger

Stellenbosch
April 2003

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

12 · 02 · 03

Datum

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OPSOMMING

Multikulturele aanneming het in 1994, na die afskaffing van apartheidswetgewing, 'n werklikheid in Suid-Afrika geword. Hierdie is dus 'n redelik nuwe en onbekende terrein vir maatskaplike werkers wat in aanneming spesialiseer.

'n Leemte ten opsigte van voldoende teoretiese fundering en afwesigheid van riglyne rakende hierdie verskynsel in Suid-Afrika, is geïdentifiseer. In 'n poging om hierdie leemte aan te spreek en meer rigting en duidelikheid oor multikulturele aanneming te verkry, is hierdie ondersoek onderneem. Met die literatuurstudie is gepoog om die interpretering van wetgewing oor aanneming in Suid-Afrika te bepaal en ook die rol wat die maatskaplike werker tydens aanneming speel, vas te stel. 'n Historiese oorsig van aanneming in Suid-Afrika is bespreek en ook die huidige wetgewing wat met multikulturele aanneming verband hou.

In aansluiting by die doel van die navorsing is daar ook tydens die literatuurondersoek gefokus op 'n praktykperspektief, multikulturele intervensie en teorieë wat van toepassing is. Voorts is die profiel van ouers wat kinders vanuit 'n ander kultuur aanneem en ook die motiewe daarrondom, tydens die literatuurstudie ondersoek. 'n Verkennende studie is onderneem om die behoeftes van ouers wat kinders vanuit 'n ander kultuur aanneem vas te stel, asook om te bepaal watter vaardighedevir multikulturele-intervensie maatskaplike werkers nodig het om multikulturele aannemings suksesvol te fasiliteer. Die uiteindelike doel van die ondersoek was om riglyne vir maatskaplike werkers tydens multikulturele aannemings te formuleer.

Die empiriese ondersoek was op ouers wat reeds kinders vanuit 'n ander kultuur aangeneem het gerig en beperk tot die Wes-Kaap. Die resultate van die empiriese ondersoek bevestig die navorser se aanname dat maatskaplike werkers vaardighede vir multikulturele-intervensie moet bemeester vir die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

fasilitering van suksesvolle multikulturele aannemings en dat 'n kulturele bewustheid onontbeerlik is.

Op grond van die ondersoek en resultate, is aanbevelings vir 'n beleidsraamwerk ten opsigte van multikulturele aanneming geformuleer en riglyne en voorstelle vir sodanige uitvoering van multikulturele intervensie en aanneming neergelê. Die aanbevelings van hierdie ondersoek kan deur maatskaplike werkers en ouers wat betrokke is by multikulturele aannemings en deur ander welsynsorganisasies en maatskaplike werkers gebruik word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

SUMMARY

Multicultural adoption became a reality in South Africa in 1994, after the abolition of the apartheid legislation. This is therefore a relatively new and unfamiliar terrain for those social workers that specialise in adoption.

A gap was identified with regard to a sufficient theoretical foundation and the absence of guidelines regarding this phenomenon in South Africa. This study was undertaken in an attempt to address this shortcoming and in order to gain more direction and clarity regarding multicultural adoption. Through a literature study an attempt was made to determine how legislation on adoption in South Africa is interpreted as well as to establish the role played by the social worker during adoption. A historical overview of adoption in South Africa is discussed as well as the current legislation that relates to multicultural adoption.

With reference to the purpose of the research, the literature study also focused on a practice perspective, multicultural intervention and theories that are applicable. Furthermore the profile of parents that adopt children of another culture and the motives surrounding this, were examined during the literature study. An exploratory study was undertaken to establish the needs of parents who adopt children of another culture as well as to determine the cultural skills that social workers require in order to successfully facilitate multicultural adoptions. The ultimate purpose of the study was to formulate guidelines for social workers for multicultural adoptions.

The empirical study was aimed at parents that have already adopted children of another culture and was limited to the Western Cape. The results of the empirical study confirmed the researcher's supposition that social workers should master multicultural skills in order to successfully facilitate multicultural adoptions and that a cultural awareness is imperative.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Based on the study and the results, recommendations for a policy framework with regard to multicultural adoptions was formulated and guidelines and proposals for the implementation of multicultural intervention and adoption were laid down. The recommendations of this study can be used by all social workers and parents that are involved in multicultural adoptions and also by other welfare organisations and social workers.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

DANKBETUIGINGS

Opregte dankbetuigings aan die volgende persone en instansies:

- Die instansies wat ingestem het om deel te wees van hierdie ondersoek en dit belangstellend ondersteun het.
- Dr. Sorette Kruger vir 'n positiewe leerervaring en uiters bekwame leiding.
- Mev. Joan Steele vir die taalversorging.
- Mev. Rose-Maré Kreuser vir haar hulp met die verwerking van die empiriese resultate.
- My man, Basjan en kinders Vincent en Erika, wat baie moes opoffer ter wille van die voltooing van hierdie ondersoek.

AAN GOD AL DIE EER

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1
INLEIDING

		Bladsy
1.1	**INLEIDING EN MOTIVERING**	1
1.2	**DOELSTELLING EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE**	4
1.3	**AFBAKENING VAN DIE NAVORSINGSVELD**	4
1.4	**NAVORSINGSMETODOLOGIE**	5
1.4.1	Literatuurstudie	5
1.4.2	Tipe navorsing	6
1.4.3	Universum en steekproefneming	6
1.4.4	Data-insameling	7
1.5	**DATAVERWERKINGSPROSEDURES**	7
1.6	**BEGRIPSOMSKRYWING**	8
1.6.1	Aanneming	8
1.6.2	Kind	8
1.6.3	Aangenome kind	8
1.6.4	Aanneemouer	8
1.6.5	Gesin	8
1.6.6	Intervensie	8
1.7	**AANBIEDING VAN DIE VERSLAG**	9

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 2
AANNEMING IN SUID-AFRIKAANSE KONTEKS

2.1 INLEIDING 10

2.2 WETGEWING RAKENDE AANNEMING 12

2.2.1 Historiese oorsig van aanneming in Suid-Afrika 13

2.2.2 Huidige wetgewing wat verband hou met multikulturele aanneming 16

2.2.2.1 Die Wet op Kindersorg, Wet 74 van 1983 16

2.2.2.2 Die Konstitusie van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 200 van 1993 19

2.2.2.3 Die VN-Konvensie van die Regte van die Kind (1989) 22

2.3 DIE ROL VAN DIE KOMMISSARIS VAN KINDERSORG TEN OPSIGTE VAN AANNEMING 22

2.4 DIE ROL VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER TYDENS AANNEMING 24

2.4.1 Die aannemingsondersoek 24

2.4.2 Die aannemingsverslag 25

2.5 SAMEVATTING 28

HOOFSTUK 3
MULTIKULTURELE INTERVENSIE BINNE DIE MAATSKAPLIKEWERK PROFESSIE

3.1 INLEIDING 30

3.2 MULTIKULTURELE INTERVENSIE 30

3.2.1 Praktykperspektief 32

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.2.2 Vaardighede wat maatskaplike werkers benodig vir multikulturele intervensie 36
3.2.2.1 Verligte bewustheid 37
3.2.2.2 Grondige kennisbasis 39
3.2.2.3 Kumulatiewe vaardigheidsbemeestering 43

3.3 DIE MULTIKULTURELE GESIN 45
3.3.1 Vaardighede wat ouers benodig vir 'n suksesvolle multikulturele aanneming 46
3.3.1.1 Bewustheid van ras 47
3.3.1.2 Ontwikkeling van 'n kultuuridentiteit 48
3.3.1.3 Oorlewingsvaardighede 49

3.4 SAMEVATTING 50

HOOFSTUK 4
MULTIKULTURELE AANNEMING AS OPSIE VIR OUERLOSE KINDERS

4.1 INLEIDING 52

4.2 AFBAKENING VAN DIE ONDERSOEK 53

4.3 DATA-INSAMELING EN DATAVERWERKING 54

4.4 RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK 54
4.4.1 Identifiserende besonderhede 54
4.4.1.1 Ouderdomsverspreiding van aanneemouers 55

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.4.1.2 Inkomste van aanneemouers 56
4.4.1.3 Biologiese kinders in die gesin van aanneming 57
4.4.1.4 Aangenome kinders in die huishouding 58
4.4.1.5 Ouderdom van die kinders tydens aanneming 59

4.4.2 Aanneemouers se belewenis van die vaardigheid van maatskaplike werkers met betrekking tot multikulturele aanneming 60
4.4.2.1 Organisasie 61
4.4.2.2 Die maatskaplike werker se ingesteldheid rondom multikulturele aanneming 61
4.4.2.3 Kennis ten opsigte van multikulturele aannemings 63
4.4.2.4 Ingeligtheid van die maatskaplike werker ten opsigte van kulturele aspekte 64
4.4.2.5 Ondersteuningsnetwerk van aanneemouers 66
4.4.2.6 Aanneemouers se behoefte aan aanvullende ondersteuning 67

4.4.3 Kennis en vaardighede wat ouers benodig om kinders vanuit 'n ander kultuur aan te neem 68
4.4.3.1 Kundigheid ten opsigte van multikulturele aspekte 69
4.4.3.2 Aanpassing van gesinne na 'n aanneming 70
4.4.3.3 Reaksie van familie ten opsigte van multikulturele aanneming 72
4.4.3.4 Optrede van vriende na multikulturele aanneming 73
4.4.3.5 Gemeenskap se belewenis en gesindheid teenoor multikulturele aanneming 74
4.4.3.6 Noodsaaklikheid van kontak met die kultuurgroep van die kind 76
4.4.3.7 Konfrontasie met rassisme 77

4.6 SAMEVATTING 79

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 5
GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDING 80

5.2 GEVOLGTREKKINGS 81

5.2.1 Profiel van aanneemouers 81

5.2.2 Vaardighede wat maatskaplike werkers benodig om multikulturele aannemings te fasiliteer 82

5.2.3 Kennis en vaardighede wat ouers benodig om kinders vanuit 'n ander kultuur aan te neem 83

5.2.4 Algemeen 84

5.3 AANBEVELINGS 85

5.3.1 'n Beleidsraamwerk ten opsigte van multikulturele aannemings binne organisasies 85

5.3.2 Riglyne vir maatskaplike werkers vir die fasilitering van multikulturele aanneming 86

5.4 VERDERE NAVORSING 86

BIBLIOGRAFIE

BYLAAG 1: Vraelys

LYS VAN TABELLE

4.1 Organisasie

4.2 Aanneemouers se belewenis van die maatskaplike werker se kennis aangaande kulturele aspekte

4.3 Gesinsaanpassing

4.4 Aanpassing van familie

4.5 Optrede van vriende

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

LYS VAN FIGURE

3.1 Kulturele vaardigheid

4.1 Ouderdomsverspreiding

4.2 Inkomsteverspreiding

4.3 Aantal biologiese kinders

4.4 Aantal aangenome kinders

4.5 Ouderdom van kinders by aanneming

4.6 Respondente se mening aangaande maatskaplike werker se ingesteldheid

4.7 Maatskaplike werker se ingeligtheid rondom kulturele aspekte

4.8 Behoefte aan aanvullende ondersteuning

4.9 Gesindheid van gemeenskap

4.10 Belang van kontak met kultuurgroep

4.11 Konftontasie met rassisme

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 INLEIDING EN MOTIVERING

Multikulturele aannemings het in 1994 met die afskaffing van Apartheidswetgewing 'n werklikheid in Suid-Afrika geword. Ras en kultuur kon dus nie langer binne die Wet op Kindersorg (Wet 74 van 1983) as uitsluitingskriteria beskou word nie.

Alhoewel kinders al so vroeg as 1948 in Amerika oor die kleurgrens aangeneem word, bestaan daar steeds 'n wye verskeidenheid argumente rondom hierdie onderwerp (Curtis, 1996:156). Algaande wit ouerpare swart Amerikaanse kinders aangeneem het, het 'n vereniging vir swart maatskaplike werkers volgehou dat sulke plasings skadelik vir kinders is en is na sulke plasings verwys as "rassemoord" (Simon & Altstein, 2000:2). Welsynsorganisasies is ook daarvan beskuldig dat die belange van die organisasie voorrang bo dié van die kind geniet het (Curtis, 1996:157-158). Daarbenewens argumenteer Hollingsworth (1998:104) dat daar te veel swart kinders in pleegsorg en inrigtings wegkwyn as gevolg van sekere voorbehoude oor multikulturele aannemings, terwyl potensiële ouers wag om kinders aan te neem. Voorts bevestig bogenoemde skrywer dat daar geen empiriese bewys is dat swart ouers hulle kinders beter kulturele sosialiseringsvaardighede aanleer as wat wit ouers dit doen nie (Hollingsworth, 1998:106). Ten spyte van die besware teen multikulturele aanneming, is potensiële swart aanneemouers nie geredelik beskikbaar om die krisis van swart kinders wat binne die pleegsorgsisteem talm, aan te spreek nie en aanneming is moontlik die enigste opsie om permanensie vir hierdie kinders te bewerkstellig (Hollingsworth, 1999:445).

Maatskaplike werkers speel 'n sleutelrol in die aannemingsproses. Die mate waarin maatskaplike werkers alle aspekte van aanneming kan hanteer, hang af

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van hul lewenservaring, persoonlikheid, begrip van menslike ontwikkeling en gedrag, hul kennis van wetgewing, werksverantwoordelikhede en die welsynsinstansie se beleid (Samuels, 1990:23-24). Samuels beklemtoon dat maatskaplike werkers verantwoording moet doen aan die gemeenskap waaraan hulle dienste lewer en dat die beginsel van nie-veroordeling en die koördinering van dienslewering tot die voordeel van die kliënt, ook tydens die proses van aanneming prioriteit moet geniet. Compton en Galaway (1999:89) sluit hierby aan en meld dat die onderskeidende kenmerk van 'n professie juis die vaardigheid van die professionele persoon is om kennis wat die unieke behoeftes van die kliënt bevredig, na 'n professionele diens te kan omvorm.

Tydens intervensie moet maatskaplike werkers daarvan bewus wees dat gesinne wat aangenome kinders het, ander behoeftes mag hê as gesinne wat eie kinders het. Volgens Melina (1998:1) is 'n primêre verskil dat aangenome kinders twee pare ouers het. Hierdie verskille moet erken word sodat aangenome kinders en gesinne dié spesiale status in die gemeenskap positief kan beleef (Samuels, 1990:23-24).

Daar word algemeen aanvaar dat wanneer maatskaplike werkers tot die veld van aanneming toetree, hulle oor die nodige kundigheid en vaardighede beskik. Ondervinding dui egter daarop dat voortgesette spesifieke opleiding nodig is om 'n kwaliteit diens aan beide die aanneemouers en diegene wat 'n kind wil laat aanneem, te lewer. Na afskaffing van apartheid is die professie gekonfronteer met die behoefte van mense om multikultureel aan te neem. Duidelike riglyne ten opsigte van multikulturele aanneming binne die Suid-Afrikaanse konteks is onvoldoende.

Vir die doel van die studie was daar min Suid-Afrikaanse literatuur oor hierdie kontroversiële onderwerp beskikbaar en moes vergelykende internasionale studies gebruik word om 'n algemene oorsig oor multikulturele aannemings te verkry. Die onderwerp word breedvoerig deur Courtney (1997:749-779) en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hollingsworth (1998:104-116) gedebatteer. Beide skrywers verwys na die positiewe en negatiewe aspekte van sodanige aannemings en dit word onderskryf deur Vonk, Simms en Nackerud (1999:500). Suid-Afrikaanse meningspeilings in hierdie verband is ook onbevredigend aangesien navorsing oor die onderwerp ontbreek. Hollingsworth (2000:92) beklemtoon die noodsaaklikheid van sodanige navorsing, omdat dit 'n invloed op beleidvorming uitoefen en rigting aandui vir maatskaplike werkers ten opsigte van opleiding en benaderings teenoor aanneming.

Hernude fokus word geplaas op die beleid van welsynsorganisasies ten opsigte van aanneming en ook die verantwoordelikheid van maatskaplike werkers om permanente plasings aan te moedig vir kinders wat in pleegsorg talm. In die lig van Suid-Afrika se geskiedenis van rasseongelykheid, is dit geregverdig om te beweer dat die welsynsisteem waarbinne maatskaplike werkers funksioneer, skoling nodig het om benaderings en houdings teenoor multikulturele werkswyses voortdurend te evalueer.

Die wettiging van aborsie (Wet 92 van 1996) en die aanvaarding van enkelouers in moderne gemeenskappe het tot gevolg dat al hoe minder babas vir aanneming beskikbaar word. Kinderlose egpare wat 'n behoefte aan kinders het, word dus genoodsaak om oorweging te skenk aan kinders wat nie noodwendig van dieselfde ras as die voornemende aanneemouers is nie. Clifford en Cropper (1997:235) beklemtoon dat navorsing 'n grondslag vorm vir die assessering van potensiële aanneemouers. Wanneer ouerpare instem om 'n kind van 'n ander ras aan te neem, is die motivering van die aanneemouers 'n belangrike aspek wat aandag moet geniet ten einde te verseker dat 'n kindgesentreerde plasing gedoen word. Riglyne is dus onontbeerlik vir die maatskaplikewerk-professie om 'n gemeenskaplike vertrekpunt daar te stel vir werkers wat in aanneming spesialiseer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.2 DOELSTELLING EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE

Die doelstelling van die studie is soos volg:

Die daarstelling van praktykriglyne vir maatskaplike werkers tydens multikulturele aannemings.

Die volgende doelwitte is geformuleer ten einde die doelstelling te bereik:

- Om die huidige raamwerk waarbinne aannemings gedoen word, te beskryf en die tersaaklike wetgewing breedvoerig te bespreek, ten einde 'n geheelbeeld van aanneming binne Suid-Afrikaanse konteks te vorm.

- Om 'n praktykperspektief en die konsep van multikulturele intervensie te ontleed, met die oog op vaardighede wat maatskaplike werkers benodig vir doeltreffende multikulturele intervensie.

- Om op grond van die empiriese bevindinge, riglyne vir multikulturele aanneming te identifiseer, om sodoende 'n eenvormige werkswyse vir maatskaplikewerk-intervensie daar te stel.

1.3 AFBAKENING VAN DIE NAVORSINGSVELD

Om die studie prakties uitvoerbaar te maak, is respondente in die Wes-Kaap geselekteer. Beide gesubsidieerde welsynsinstansies en privaat maatskaplike-werk-praktyke is genader om behulpsaam te wees met die identifisering van die teikengroep, naamlik ouers wat reeds 'n kind vanuit 'n ander kultuur aangeneem het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.4 NAVORSINGSMETODOLOGIE

Die spesifieke navorsingsmetodologie wat in die uitvoering van hierdie studie gebruik is, word vervolgens bespreek.

1.4.1 Literatuurstudie

Ten einde te verseker dat die ondersoek 'n sterk teoretiese onderbou het, is daar vooraf 'n omvattende literatuurstudie onderneem. Volgens Mouton (2000:87) is dit ook belangrik om bevestiging te kry vir die probleem wat ondersoek word en om ander navorsers se mening oor die probleem in te win. Die literatuurstudie fokus dus op 'n bespreking van uitgangspunte van navorsers wat die onderwerp van multikulturele aanneming reeds ondersoek en nagevors het.

Relevante aspekte en uitgangspunte in sosiologie, sielkunde en maatskaplike werk is bekom ten einde 'n begrip van multikulturele aanneming te vorm. Die literatuurstudie is volgens die wenke van Mouton (2000:86-97) onderneem en inligting by wyse van die volgende is bekom:

- 'n Rekenaarsoektog is uitgevoer en inligting is by die JS Gericke Biblioteek en die Erica Theron Leeskamer van die Departement Maatskaplike Werk aan die Universiteit van Stellenbosch bekom.

- Navrae is aan die RGN gerig.

- Bronne is vanaf die Internet verkry.

Weinig Suid-Afrikaanse literatuur oor die onderwerp van multikulturele aanneming is tydens die literatuurstudie gevind en is dus 'n beperking van die studie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.4.2 Tipe navorsing

Die navorser wou deur middel van hierdie ondersoek insig bekom oor 'n relatief onbekende terrein, naamlik die ontwikkeling van 'n eenvormige werkswyse vir maatskaplike werkers tydens multikulturele aanneming. Daar is besluit op 'n verkennende studie aangesien nuwe idees en voorstelle verkry kan word wat van waarde kan wees in 'n vinnig veranderende samelewing waar maatskaplike werkers gekonfronteer word met verskynsels, soos multikulturele aanneming, waaroor baie min inligting beskikbaar is (Williams, Tutty & Grinnel, 1995:243; Babbie & Mouton, 2001:79; de Vos, 2002:124).

Babbie en Mouton (2001:80) beklemtoon voorts dat 'n verkennende studie hoofsaaklik lei tot insig en begrip, eerder as die versameling van akkurate en spesifieke inligting. Uit die aard van die onderwerp van die tesis en die afwesigheid van toepaslike literatuur is verkenning in die veld van multikulturele aanneming relevant.

1.4.3 Universum en steekproefneming

Vir die uitvoerbaarheid van die ondersoek en finansiële haalbaarheid is die universum, naamlik ouerpare wat reeds 'n kind vanuit 'n ander kultuur aangeneem het, slegs tot die Wes-Kaap beperk. Maatskaplike werkers in privaatpraktyke en een gesubsidieerde welsynsorganisasie wat in aanneming spesialiseer, het 28 ouerpare geïdentifiseer wat bereid was om betrokke te raak by die navorsing. Aangesien die universum relatief klein is, is doelbewuste steekproefneming, 'n erkende metode van nie-waarskynlikheid-seleksie, as mees gepas beskou vir die seleksie van respondente. Babbie (1989:204) bevestig ook dat 'n groep geselekteer kan word op grond van die navorser se kennis van die populasie en die aard van die navorsing wat gedoen word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.4.4 Data-insameling

Vir die empiriese ondersoek is daar van vraelyste wat deur die ouerpare ingevul is, gebruik gemaak. Oop vrae is soms gebruik sodat die navorser soveel moontlik inligting kon bekom en 'n wyer spektrum response kon kry. Volgens Babbie en Mouton (2001:278) is die klem van kwalitatiewe navorsing op die studie van menslike gedrag binne hul natuurlike omgewing, dit wil sê die gebruik van metodes om menings en die ervaringsveld van respondente te bepaal. Geslote vrae het bepaalde response soos dit vanuit die literatuurondersoek voorspel kon word, getoets. Laasgenoemde tipe vrae het 'n kwantitatiewe basis gehad (Fouche, 2002:160).

1.5 DATAVERWERKINGSPROSEDURES

Soos reeds vermeld, is daar op 'n kombinasie tussen 'n kwalitatiewe en kwantitatiewe benadering tot die ondersoek besluit. Alhoewel sekere response uit die literatuurondersoek voorspelbaar was, was dit belangrik en nodig om respondente se opinie oor aangeleenthede te verkry. Volgens Schurink (2002:365) impliseer 'n kombinasie van die twee benaderings dat die navorser enersyds multikulturele aanneming objektief beskou het en andersyds 'n groter begrip vir ouerpare wat kinders vanuit 'n ander kultuur aangeneem het, kon ontwikkel.

Daar is 28 vraelyste gepos en 18 respondente het gereageer. Data wat vanaf geslote vrae ingesamel is, is met behulp van 'n spreiblad van die rekenaarprogram "Microsoft Office 2000" verwerk en is hoofsaaklik statisties weergegee. Verbatimopmerkings word opsommenderwys weergegee.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.6 BEGRIPSOMSKRYWING

Vir die doel van hierdie verhandeling word die volgende begrippe soos volg gedefinieer.

1.6.1 Aanneming

Aanneming is 'n geregtelike reëling waarvolgens die permanente bevoegdheid en verantwoordelikheid van ouerskap ten opsigte van 'n minderjarige aan 'n meerderjarige toegeken word (Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk,1995:1).

1.6.2 Kind

'n Kind is 'n persoon jonger as 18 jaar in terme van die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983).

1.6.3 Aangenome Kind

'n Aangenome kind is 'n kind wat deur wettige aanneming in die sorg van aanneemouers geplaas is (Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk, 1995:1).

1.6.4 Aanneemouer

Aanneemouers is 'n individu of egpaar wat 'n kind volgens wetgewing aangeneem het (Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk, 1995:1).

1.6.5 Gesin

Verskillende variasies in gesinsvorme en die gedurige verandering van moderne gesinne, bemoeilik 'n spesifieke definisie van 'n gesin, maar die definisie van Richmond (1917:134), "All who share a common table", is egter steeds baie gepas.

1.6.6 Intervensie

Intervensie verwys na die professionele handeling van 'n maatskaplike werker om verandering in die persoon-omgewing-situasie te bewerkstellig ter bereiking

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die doelwitte van die samerwerkingsooreenkoms wat met die kliënt aangegaan is (Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk, 1995:28).

1.7 AANBIEDING VAN DIE VERSLAG

In die navorsingsverslag sal gepoog word om die doelwitte wat daargestel is te beantwoord ten einde die doelstelling van die studie te bereik. Die volgende hoofstukke word beplan:

Hoofstuk 1 dien as inleiding, bespreking van die navorsingsprobleem en as raamwerk vir die tesis. Die doel met hoofstuk 1 is ook om die belangrikheid van gepaste intervensie rakende multikulturele aanneming te beklemtoon.

Hoofstuk 2 handel oor die proses van aanneming in Suid-Afrika. Daar word gefokus op 'n historiese oorsig van aanneming en huidige wetgewing wat relevant is, word breedvoerig bespreek.

Huidige praktyke van multikulturele intervensie en die toepaslike teorieë, is die fokus van hoofstuk 3. Vaardighede wat maatskaplike werkers en ouers nodig het om 'n suksesvolle multikulturele aanneming te verseker, sal onder andere aandag geniet.

Hoofstuk 4 bied 'n volledige verslag van die empiriese ondersoek en die voortspruitende resultate. Aan die hand van die empiriese ondersoek is daar in hoofstuk 5 gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak wat gebruik sal kan word in die daarstelling van 'n eenvormige werkswyse vir maatskaplike werkers tydens multikulturele aanneming.

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH
BIBLIOTEEK

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 2

AANNEMING IN SUID-AFRIKAANSE KONTEKS

2.1 INLEIDING

Omdat 'n kind stabiliteit, sekuriteit en 'n permanente, betekenisvolle verhouding met sy versorgers nodig het vir gesonde groei en ontwikkeling, is sy ouerhuis die natuurlike en aangewese plek daarvoor (Stone, 1994:9). Geloof, tradisies en morele waardes word op 'n jong ouderdom aan kinders oorgedra en die eerste sosialiseringsvaardighede met ander individue word binne gesinsverband aangeleer (Newman & Newman, 1987:165; Johnson, 1990:2; Woodley-Brown & Bailey-Etta,1997:66). Owusu-Bempah en Howitt (2000:199) beweer dat 'n onvermoë om positiewe en intieme verhoudings met versorgers gedurende kinderjare te bou, ongewenste gevolge vir persoonlikheidsontwikkeling tot gevolg het. Craig (1996:95) is dit eens dat sosialisering 'n lewenslange proses is waar rolle, gebruike en verwagtinge van die gemeenskap waarin 'n individu woon, aangeleer word. Hy beklemtoon dan ook die primêre rol van die gesin tydens die sosialiseringsproses.

Alhoewel die natuurlike bande tussen ouer en kind belangrik is en dié bande sover moontlik behou moet word, is daar kinders wat deur 'n hofbevel permanent uit hul ouers se sorg verwyder word, omdat hulle onbevoeg of nie in staat is om kinders te versorg nie (Wet 74 van 1983). Indien natuurlike ouers nie voldoende vir kinders kan sorg nie, het die staat 'n plig om te voorsien in substituutsorg deur middel van aanneming, pleegsorg of plasing in 'n inrigting wat die rol van die natuurlike ouers oorneem. Aanneming is vir baie dekades al 'n tradisionele metode van kindersorg en word deur praktiserende maatskaplike werkers as 'n effektiewe manier beskou om 'n permanente en stabiele gesinslewe te verseker vir kinders wat andersins daarvan ontneem sou word (Departement van Welsyn, 1998:71). Die fokus in die aannemingsproses is altyd die kind en die proses is

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gespesialiseerd om te verseker dat verantwoordelike besluite rondom aanneming deur persone met die nodige kennis en outoriteit geneem word.

Wilson en Ramphele (1989:4) beklemtoon dat armoede wat uit 'n kwynende ekonomie vloei, verband hou met die groot getal kinders wat sonder die sorg van 'n natuurlike ouer grootword. Volgens die Witskrif vir Welsyn (1997:3) leef een derde (35,2%) van alle Suid-Afrikaanse gesinne en meer as die helfte (54%) van Suid-Afrika se kinders in armoede. Armoede in Suid-Afrika is nie beperk tot een rassegroep nie, maar die grootste konsentrasie kom voor by die swart bevolkingsgroep. Hierdie tendens kan in verband gebring word met die groot getal swart kinders wat sorgbehoewend is (Wilson & Ramphele, 1989:19).

Nog 'n bydraende faktor tot ouerlose swart kinders is die VIGS-krisis in Suid-Afrika. Die statistiek rondom die VIGS-pandemie verander voortdurend en die gegewe syfers was akkuraat tydens die skryf van die verhandeling. Ongeveer 4,7 miljoen persone tussen 15 en 49 jaar (ongeveer 1 uit 4 persone) was gedurende 2001 met HIV geïnfekteer en die Wêreld Gesondheids Organisasie skat dat daar tussen 1 500 en 2 000 HIV-infeksies per dag in Suid-Afrika voorkom. (http://www.health24.co.za) Volgens Johnson (2002) het die HIV/VIGS-krisis verskillende fases. Hy noem dat die aantal nuwe HIV-infeksies in 1998 'n hoogtepunt bereik het, maar dat die persone wat geïnfekteer is eers in 2005 'n maksimum sal bereik. Volgens berekeninge sal persone wat sterf aan VIGS in 2010 'n hoogtepunt bereik en VIGS-wesies in 2015. Die grootste impak van die VIGS-pandemie sal dus eers binne die volgende dekade manifesteer. (http://www.health24.co.za)

Alhoewel HIV/VIGS alle sektore van die samelewing beïnvloed, word arm gesinne die meeste daardeur geraak en het hulle die minste middele tot hulle beskikking om die siekte te hanteer. Volgens die Instituut vir Sekuriteit Studies (ISS) sal tot 3 miljoen kinders ouerloos gelaat word binne die volgende 10 jaar en daar word verwag dat hulle in uiterste armoede sal grootword. As gevolg van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HIV/VIGS-epidemie het 300 000 kinders reeds hulle moeders verloor. Hierdie statistiek het 'n aansienlike impak op moedersorg en oorlewing van kinders, aangesien ouers gedurende die jare waarin hulle na hul afhanklike kinders moet omsien en inkomste moet genereer, sterf.

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat daar tans 'n kommerwekkende toename in swart ouerlose kinders is en dat die alternatiewe vir permanensie min is. Aanneming as substituutsorg kan van groot waarde wees om permanente tuistes aan talle ouerlose kinders te verskaf.

Hierdie hoofstuk word gewy aan die interpretering van die wet en die rol wat die maatskaplike werker tydens aanneming speel. Daar sal veral aandag geskenk word aan die geskiedenis, kriteria vir aanneming en die aannemingsondersoek volgens Wet 74 van 1983.

2.2 WETGEWING RAKENDE AANNEMING

Volgens Simon en Altstein (2000:23) is aanneming 'n wetlike proses waar die kind se regte en verantwoordelikhede teenoor sy ouers, en omgekeerd, beëindig word en dieselfde regte en verantwoordelikhede aan die kind se aanneemouers gegee word. Die Departement van Welsyn (1998:71) beklemtoon dat aanneming die sanksie van die staat vereis en onderworpe is aan streng prosedures, sodat 'n geldige en wettige verhouding tussen ouer en kind geskep kan word.

Wetgewing in Suid-Afrika het al deur verskeie fases gegaan soos wat die politieke situasie in die land verander het. Ten spyte van positiewe politieke en sosiale veranderinge gedurende die laaste dekade in Suid-Afrika, is die plasing van kinders deur howe steeds ingewikkeld omdat presedente geskep is deur vorige beslissings wat rasseskeiding bevorder het (Nöthling-Slabbert, 1995:19).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.2.1 Historiese oorsig van aanneming in Suid-Afrika

Ten einde die huidige situasie met betrekking tot multikulturele aanneming binne perspektief te sien, is dit nodig om te verwys na die historiese agtergrond van aanneming en raspassing in Suid-Afrika.

Verskeie dubbelsinnige regsbepalings is in die verlede gebruik om die idee van raspassing vir ouerlose kinders te ondersteun (Heaton, 1989:713). Raspassing is reeds in die dae van die Oos-Indiese Kompanjie gebruik as 'n faktor vir oorweging tydens aannemingsaansoeke. Zaal (1994:374) noem dat dit 'n belangrike mylpaal in die Suid-Afrikaanse geskiedenis was toe die Kinderwet, Wet 25 van 1923, aanneming binne die wet omskryf het. Dit is insiggewend dat daar geen verbod op multikulturele aannemings binne die 1923-Kinderwet was nie - moontlik omdat algemeen aanvaar was dat rassebewustheid genoeg was om skeiding in stand te hou (Zaal, 1994:374).

Op 8 Januarie 1960 het die destydse adjunk-minister van Opvoeding, Kuns, Wetenskap, Welsyn en Pensioene, 'n klousule in die staatskoerant gepubliseer wat dit moontlik sou maak om 'n kind permanent en met geweld van sy familie te verwyder bloot op grond van 'n verskil in ras tussen die kind en sy ouers of voog. Hierdie klousule het nooit wet geword nie, weens vrees vir internasionale kritiek, maar artikel 35(2), 'n soortgelyke bepaling, is in 1965 binne Wet 33 van 1960 opgeneem (Zaal, 1994:374).

Artikel 35(2) bepaal dat, by die keuse van 'n persoon in wie se bewaring 'n kind geplaas gaan word, die geloofsverband, kultuurverband, etniese groepering, nasionaliteit en die verwantskap tussen die kind en die bedoelde persoon, in ag geneem moet word. Alhoewel daar al op hierdie artikel uitgebrei is, het dit 'n patroon gevorm binne Suid-Afrikaanse wetgewing rakende die plasing van kinders en word dit nog steeds as kriteria gebruik.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die begrippe "kultuur" en "etniese groepering" is binne die wet omskryf, en plasing moes volgens sodanige kriteria geskied. Tydens die assessering van kinders en ouers vir aanneming is verskille in geloof, kultuur en ras as bepalende faktore beskou. Die toepassing van hierdie kriteria is verdedig deur aan te voer dat die beginsel van "die beste belang van die kind" gehandhaaf word (Motsikatsana, 1995:608).

Dwarsdeur die tagtiger jare van die vorige eeu het passing in terme van ras die norm gebly. Waar rasklassifikasie tussen 'n kind en 'n moontlike versorger getree het, moes welsynsinstansies dikwels so drasties optree as om aansoek te doen vir die herklassifikasie van een van die partye. Die Departement van Binnelandse Sake het sulke aansoeke dikwels geweier omdat die fisiese voorkoms van die applikant nie die herklassifikasie sou regverdig nie. In ander gevalle het die aansoeke soms jare geneem om te verwerk, en is die kind benadeel deur die onsekerheid, onbepaalde tydsverloop en onopgeloste geskille terwyl die saak hangende was (Zaal, 1994:376). Church (1996:8) bevestig dat herklassifikasie van die voorgenome versorger ook tot gevolg kon hê dat die persoon nie langer in terme van die Groepsgebiedewet, Wet 36 van 1966, kon gewoon het in die woonbuurt waar sy huis was nie. Waar die kind aansoek gedoen het, kon dit beteken dat hy verplig kon word om 'n skool in 'n ander area by te woon wat weereens negatiewe implikasies inhou vir die kind wat reeds belangrike verhoudings met sy portuurgroep gebou het.

Toe die Kinderwet, Wet 33 van 1960, met die Wet op Kindersorg, Wet 74 van 1983 vervang is, is die status quo aangaande multikulturele plasings behou. Alhoewel die Kinderhof baie faktore in ag neem wanneer die beste belang van die kind tydens aanneming gehandhaaf word, omskryf Wet 74 van 1983 slegs geloofsverband, kultuur en rasklassifikasie as spesifieke faktore wat aandag moet geniet.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Artikel 35(2)(c) van die Kinderwet (Wet 33 van 1960) is vervang met Artikel 40 van die Wet op Kindersorg (Wet 74 van 1983) en het bepaal dat 'n kind nie geplaas of oorgeplaas kan word in die sorg van 'n persoon wie se klassifikasie ingevolge die Bevolkingsregistrasiewet (Wet No. 30 van 1950) nie dieselfde is as dié van die kind nie, behalwe waar die persoon die ouer of voog van die kind is. Weereens is die uitsondering van ouers in artikel 40 nutteloos, want artikel 17 van die Wet op Kindersorg 74 van 1983 het voortgegaan om aannemings deur natuurlike ouers te verhoed, en die klaarblyklike uitsluiting van ouers in artikel 40 is dus ooglopend misleidend. Op 19 Junie 1991 is die Kindersorgwysigingswet, Wet 86 van 1991, uitgevaardig. Artikel 40 bepaal nou dat die geloofsverband en kultuurverband van die betrokke kind en sy ouers teenoor dié van die persoon in wie se bewaring of na wie se bewaring hy geplaas of oorgeplaas gaan word, *in ag geneem* moet word. Die uitdruklike verwysing na *ras* is weggelaat uit artikel 40 van Wet 74 van 1983 en in die plek daarvan word die *passing* van die kind en die voornemende ouers beklemtoon.

Die fokus, volgens Church (1996:10), is tans op kulturele agtergrond. Die woord "kultuur" word egter nie deur Wet 74 van 1983 of die Kindersorgwysigingswet, Wet 96 van 1996, omskryf nie. In 'n samelewing wat vir baie dekades aan segregasie onderworpe was, word kultuur dikwels beskou as dieselfde as ras. *Kultuur* word deur die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:36) omskryf as 'n sisteem wat kennis, oortuigings, kuns, sedes, reg, gebruik en ander bekwaamhede en gewoontes wat deur lede van 'n samelewing gedeel word, insluit. Daarteenoor kan *ras* omskryf word as die verwante groepe van die mensdom, elk met sy onderskeidende karaktertrekke of erflike eienskappe. Volgens definisie is *ras* en *kultuur* dus nie dieselfde nie.

Omdat die vorige Wet (Wet 33 van 1960) beide ras en kultuur uitgelig het as bepalende faktore vir aanneming en die nuwe Wet (Wet 74 van 1983) slegs na kulturele agtergrond verwys, mag veronderstel word dat wetgewers aanvaar het dat daar 'n verskil tussen die twee konsepte is (Church, 1996:11). Voorts is alle

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verwysings na *ras* uit die wetgewing van Suid-Afrika verwyder en die nuwe Konstitusie (Wet 200 van 1993) bekragtig dat Suid-Afrika 'n nie-rassistiese samelewing is.

Ewewel, of Suid-Afrika 'n nie-rassistiese samelewing in die praktyk is, is debatteerbaar. Ras is 'n feit en word met 'n lang geskiedenis van stigmatisering geassosieer (Nöthling-Slabbert, 1995:22). Motsikatsana (1995:613) beklemtoon voorts dat, alhoewel die Konstitusie (Wet 200 van 1993) bevestig dat Suid-Afrika 'n nie-rasistiese samelewing is, die land 'n geskiedenis van gedwonge skeiding gehad het wat tot gevolg het dat die *de facto*-impak van ras- en kultuurdiversiteit groter is as in ander lande. Zaal (1994:378) is ook van mening dat Suid-Afrika vir so lank aan rasseskeiding onderwerp was, dat die standpunt dat dit aanvaarbaar is, baie moontlik die norm kon word met die gevolglike effek dat multikulturele aannemings nie as 'n opsie vir ouerlose kinders oorweeg word nie.

2.2.2 Huidige wetgewing wat verband hou met multikulturele aanneming

Die regsposisie rakende die regte van kinders en multikulturele aanneming word tans gereguleer deur drie bronne, naamlik:

Die Wet op Kindersorg No 74 van 1983
Die Konstitusie van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 200 van 1993
Die Verenigde Nasies se Konvensie van die Regte van die Kind (1989).

2.2.2.1 Die Wet op Kindersorg No 74 van 1983

Die Wet op Kindersorg No 74 van 1983 het op 1 Februarie 1987 in werking getree. Noemenswaardige veranderinge rakende die sorg en beskerming van alle kinders in Suid-Afrika is deur die Kindersorgwysigingswet, Wet 96 van 1996 aangebring, en het op 1 April 1998 in werking getree. Die Wet op Kindersorg (No 74 van 1983) gee duidelike riglyne omtrent die vereistes en kriteria van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aanneming. Hierdie riglyne word vervolgens aan die hand van die Departement van Welsyn (1998:71) se voorskrifte bespreek.

Artikel 17 van Wet 74 van 1983 omskryf die vereistes vir aanneming en bepaal dat 'n kind aangeneem mag word:

a) "deur 'n man en sy vrou gesamentlik, indien die kind nie 'n kind is wat uit een van hulle gebore is nie;
b) met die toestemming van die Minister, deur 'n wewenaar of weduwee of 'n ongetroude of geskeide persoon, indien die kind nie 'n kind is wat uit hom of haar gebore is nie;
c) deur 'n getroude persoon uit wie se gade die kind gebore is."

Ook impliseer die wet dat dit vir 'n homoseksuele persoon moontlik is om 'n kind aan te neem as 'n enkel persoon en dat 'n kind wat as gevolg van kunsmatige inseminasie gebore word, beskou word as die wettige kind van daardie vrou en haar man. 'n Persoon wat wettige regte wil verkry van 'n kind wat deur 'n surrogaatmoeder gebore word, sal die kind moet aanneem om sodanige regte te verkry.

Die vereistes vir aanneming word in artikel 18 van Wet 74 van 1983 uiteengesit en stipuleer dat die aanneming van 'n kind teweeggebring word deur 'n bevel van die Kinderhof van die distrik waarin die betrokke kind woonagtig is. 'n Kinderhof waarby aansoek om 'n aannemingsbevel gedoen is, mag die bevel nie toestaan nie tensy die hof oortuig is dat:

a) "die aansoeker of beide aansoekers bevoeg is om die kind ingevolge artikel 17 aan te neem en oor genoegsame middele beskik om die kind te onderhou en op te voed;
b) die aansoeker of beide aansoekers goed aangeskrewe staan en geskik is om die bewaring van die kind te aanvaar;

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

c) die voorgenome aanneming in belang van die kind en bevorderlik vir sy welsyn sal wees;
d) toestemming tot die aanneming deur albei ouers van die kind verleen is, of as die kind 'n buite-egtelike kind is, deur die moeder van die kind, hetsy die moeder 'n minderjarige of getroud is al dan nie, en hetsy sy bygestaan word deur haar ouer, voog of eggenoot, na gelang van die geval;
e) die kind, indien hy bo die leeftyd van tien jaar is, tot die aanneming toestem en die aard en betekenis van die bedoelde toestemming begryp;
f) in die geval van 'n kind wat gebore is uit iemand wat 'n Suid-Afrikaanse burger is, die aansoeker, behalwe 'n aansoeker bedoel in artikel 17(c), of een van die aansoekers 'n Suid-Afrikaanse burger is wat in die Republiek woonagtig is, of die aansoeker of aansoekers andersins die nodige verblyfkwalifikasies besit vir die toekenning aan hom kragtens die Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap (Wet No 44 van 1949), van 'n sertifikaat of sertifikate van naturalisasie as 'n Suid-Afrikaanse burger en aansoek gedoen het om so 'n sertifikaat; en
g) in die geval van 'n aansoeker om die aanneming van 'n pleegkind deur iemand anders as sy pleegouer, die pleegouer skriftelik tot die aanneming van die kind toegestem het."

Artikel 18(4)(f) van die Wet op Kindersorg (No 74 van 1983) verbied die aanneming van 'n Suid-Afrikaans gebore kind deur nie-Suid-Afrikaners. Hierdie verbod is onkonstitusioneel in die Kaapse Hooggeregshof bewys. In uitspraak bevestig Regter Goldstone dat dié verbod teenstrydig is met artikel 28(2) van die Konstitusie wat bepaal dat die beste belang van die kind prioriteit in alle omstandighede moet geniet. Die Hof erken dat dit in sommige omstandighede in die beste belang van 'n Suid-Afrikaans gebore kind mag wees om deur nie-Suid-Afrikaners aangeneem te word. Regter Goldstone se uitspraak op 31 Mei 2000 geld as 'n interimreëling totdat die Parlement die tekortkoming in Artikel 18(4)(f) van die Wet op Kindersorg (No 74 van 1983) regstel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Wet op Kindersorg beskryf ook ingevolge artikel 19 spesifieke omstandighede waaronder geen ouerlike toestemming vir aanneming nodig is nie:

a) "in geval van 'n kind wie se ouers dood is en vir wie geen voog aangestel is nie; of
b) van 'n ouer wat weens geestesongesteldheid onbevoeg is om toe te stem; of
c) van 'n ouer wat die kind aangerand of mishandel het of toegelaat het dat hy aangerand of mishandel word; of
d) van 'n ouer wat die verleiding, ontvoering of prostitusie van die kind of die pleging deur die kind van onsedelike handelinge veroorsaak of in die hand gewerk het; of
e) van 'n ouer wie se kind in die bewaring van 'n pleegouer, kinderhuis of nywerheidskool is; of
f) van 'n ouer wat onredelik sy toestemming weerhou."

Uit die voorafgaande voorskrifte vir aanneming blyk dit dus dat daar wel binne die Wet op Kindersorg (No 74 van 1983), ruimte gelaat word vir multikulturele aanneming. Die beginsel van die beste belang van die kind word binne Wet 74 van 1983 beklemtoon en aansoek om aanneming mag nie geweier word indien ouers wat oor genoegsame middele beskik om die kind op te voed en te onderhou beskikbaar is nie en dat die voorgenome aanneming in belang van die kind en bevorderlik vir sy welsyn sal wees.

2.2.2.2 Die Konstitusie van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 200 van 1993

Die Konstitusie, wat 'n Handves van Menseregte insluit, kan beskou word as die oorbrugging tussen 'n erg verdeelde samelewing wat gebuk gegaan het onder twis, konflik en onvermelde ongeregthede van die verlede, en die toekoms van 'n demokrasie wat gebou is op die erkenning van menseregte, vreedsame

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

naasbestaan en ontwikkelingsmoontlikhede van alle Suid-Afrikaners ongeag kleur, ras, geloof of geslag (Interim Konstitusie, Wet 200 van 1993). Die Konstitusie is die hoogste gesag in Suid-Afrika en alle wetgewing wat onversoenbaar daarmee is, is ondergeskik. Die Konstitusionele Hof het die regsbevoegdheid om die grondwetlikheid van alle ander wetgewing te bepaal (Church, 1996:13). Hoofstuk twee van die finale Konstitusie bevat die Handves van Menseregte wat deur die Konstitusie onderskryf word. 'n Handves van Menseregte vorm een van verskeie grondwetlike instellings om uitermatige regeringsmag te beheer. Met verwysing na aanneming, verklaar Church (1996:13) dat die Departement van Welsyn deur die Handves van Menseregte aanspreeklik gehou word vir die stiptelike uitvoering van wetgewing, omdat dit deel is van die staat en van die uitvoerende mag.

Die vraag ontstaan watter impak die Konstitusie op multikulturele aanneming het. In artikel 28(1)(b) van die Konstitusie word die kind se reg tot 'n *gesinslewe* en *ouersorg* beklemtoon. Hierdie artikel kan op verskeie maniere geïnterpreteer word.

Eerstens, wanneer die plasing van die kind oorweeg word, word daar op die **behoeftes van die kind** en nie op die behoeftes van die ouers gefokus nie. Volgens Church (1996:16) het 'n kind die reg tot ouersorg en sal dit onkonstitusioneel wees om die proses te vertraag deur alternatiewe sorg te voorsien of om hom of haar in minderwaardige sorg te plaas. Bartholet (1991:1224) bevestig dat 'n vertraging in die proses van aanneming 'n groter bepalende faktor vir binding met ouers is as 'n verskil in ras tussen die kind en die aanneemouers. Daarenteen argumenteer Motsikatsana (1995:628) dat kultuur en taal só 'n insiggewende rol in die lewe van 'n swart kind speel dat 'n wit ouerhuis 'n blywende negatiewe psigologiese impak op so 'n kind se lewe sal hê.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tweedens, word daar binne die Konstitusie groot klem op die beginsel van die **beste belang van die kind** geplaas. Dus moet oorweeg word of 'n kind se kulturele agtergrond meer gewig dra as sy of haar reg tot 'n gesin of gelyke behandeling. Weereens opper Motsikatsana (1995:614) heftige besware oor die vermoë van wit ouers om in die behoeftes van swart kinders te voorsien en is van mening dat die beste belang van die kind nie deur multikulturele aanneming gehandhaaf word nie.

Derdens beklemtoon die gelykheidsklousule binne die Konstitusie die belangrikheid van **gelyke beskerming** en voordeel van die reg vir almal. Dit kan as onkonstitusioneel beskou word indien die passingsproses tussen kinders en voornemende aanneemouers verskil afhangende van die ras van die kind. Joubert (1993:726) verduidelik dat, in terme van artikel 9(3) van Wet 200 van 1993, die staat nie direk of indirek teen 'n persoon op grond van ras, etniese of sosiale oorsprong, kleur, kultuur of afkoms mag diskrimineer nie. 'n Kind kan dus benadeel word deurdat daar teenstrydigheid mag ontstaan tussen die gelykheidsklousule in Wet 200 van 1993 en artikel 40 van die Wet op Kindersorg (Wet 74 van 1983), wat kultuurpassing aanmoedig. Daar kan aangevoer word dat 'n kind binne 'n sekere kultuur gebore word en dat sy kultuur 'n reg is wat volgens artikel 31(1) van Wet 200 van 1993 beskerm moet word. Church (1996:17) noem dat hierdie argument nie altyd geldig is nie, omdat daar dan aanvaar word dat, as 'n persoon binne 'n sekere kultuur gebore word, ras en kultuur sinoniem is. 'n Kind kan ernstig benadeel word indien hy of sy nie by aanneemouers van 'n ander kultuur geplaas word wanneer aanneemouers van dieselfde kultuur nie gevind kan word nie. Of sodanige plasing in die beste belang van die kind is, kan dan volgens artikel 31(1) van Wet 200 van 1993 bevraagteken word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.2.2.3 Die VN-Konvensie van die Regte van die Kind (1989)

Kinderregte is al deur verskeie algemene menseregtekonvensies aangespreek, maar die mees omvattend is die Verenigde Nasies se Konvensie van die Regte van die Kind op 20 November 1989 wat deur Suid-Afrika bekragtig is (Church, 1996:20). Hierdie dokument bevat 'n omvattende samestelling van spesifieke regte van kinders, onder andere die reg om geregistreer te word na geboorte; die reg tot 'n gesinslewe; die reg van kinders tydens aanneming (die staat moet doen wat die beste vir die kind in alle situasies van aanneming is); die reg tot 'n identiteit, nasionaliteit en heenkome; die reg om nie van sy ouers geskei te word nie; die reg tot onderrig, rus en ontspanning; en die reg om nie fisies of seksueel mishandel te word nie. Tesame met die spesifieke regte van kinders, geniet kinders ook algemene menseregte soos vryheid van denke, geloof en meningsuiting, en die reg van vergadering en vereniging (Church, 1996:20).

Uit die bespreekte afdelings kan afgelei word dat kinders in Suid-Afrika hoë prioriteit geniet en dit blyk dat 'n waardesisteem wat op demokrasie en menswaardigheid gebaseer is, onderliggend is. Hierdie beginsels word dus vanuit 'n regsoogpunt in gedagte gehou by die uitvoering van wetgewing tydens aanneming.

2.3 DIE ROL VAN DIE KOMMISSARIS VAN KINDERSORG TEN OPSIGTE VAN AANNEMING

Elke landdros van 'n distrik is 'n Kommissaris van Kindersorg vir sodanige distrik. 'n Kommissaris van Kindersorg verrig die werksaamhede wat die Wet op Kindersorg of enige ander wet aan hom opdra.

'n Kommissaris van Kindersorg speel 'n belangrike rol in beslissings rakende die plasing en aanneming van kinders. Ten einde die belange van die kind ten beste te kan dien, moet die Kommissaris dus ook fokus op pleegsorg en aanneming en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

met die beginsels daarvan vertroud wees. Dit is die welsynsinstansie se verantwoordelikheid om toe te sien dat die Kommissaris oor dié belangrike uitgangspunte in maatskaplike werk ingelig word. Alleenlik deur goed gemotiveerde verslae wat die beginsels van aanneming weerspieël, aan die hof voor te lê, kan maatskaplike werkers verseker dat die Kommissaris sy of haar rol ten beste vervul. Gefundeerde intervensieplanne wat aan 'n tydraam vir die bereiking van doelwitte gekoppel is, is voorts nodig vir die Kommissaris om die geldigheid en korrektheid van aanbevelings aan die Kinderhof te evalueer.

Die evaluasie, prognose en intervensieplan wat deur die maatskaplike werker aan die hof voorgehou word, dien ook as belangrike riglyn waarvolgens gevolgtrekkings, aanbevelings en voorwaardes van aanneming deur die Kommissaris beoordeel kan word. Die afwesigheid van doelgerigte intervensie lei tot die verlenging van bevele ingevolge artikel 16 van Wet 74 van 1983 wat bepaal dat enige bevel verval na 'n verloop van twee jaar vanaf die datum waarop die bevel uitgereik is of na die korter tydperk wat die Kinderhof ten tyde van die uitreiking van die bevel bepaal het.

Veral by die aanneming van ouer kinders speel die intervensieplan 'n groot rol by die bepaling van spesifieke omstandighede waar van toestemming deur biologiese ouers afgesien kan word ingevolge artikel 19 van Wet 74 van 1983 soos uiteengesit by punt 2.2.2.1. Aansoek om aanneming ingevolge artikel 19 van die Wet slaag dikwels nie omdat dienslewering deur maatskaplike werkers aan die ouers in baie gevalle onbepland voortsloer sonder spesifieke doelstellings en doelwitte en die prognose vir herstel verkeerd geïnterpreteer word. By die Kommissaris wek dit dan die indruk dat die kind wel weer na die ouers sal kan teruggaan en daarom word 'n aannemingsbevel geweier. 'n Kommissaris word soms ook te veel gelei deur wat ouers in die hof presenteer en dit beïnvloed sy of haar beslissing. Só 'n beslissing wat nie op die agtergrondfeite van die saak gegrond is nie, kan daartoe lei dat die kind se belange nie ten beste gedien word nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kommissarisse beskou terugplasing by die ouers dikwels as die enigste wyse waarop permanensie vir die kind bewerkstellig kan word en gee min oorweging aan aanneming as opsie, veral by ouer kinders wat in pleegsorg talm. Die probleem skyn die gevolg te wees van beklemtoning van die ouer se regte eerder as die kind se behoeftes (Verslag van die komitee van ondersoek na pleegsorg van kinders, 1990:18). Courtney (1994:81) stem saam dat kinders wat nie terug geplaas kan word by hulle biologiese ouers nie, so gou as moontlik by permanente versorgers geplaas moet word om stabiliteit, wat noodsaaklik is vir gesonde ontwikkeling, te verseker. Dwarsdeur die proses van aanneming blyk dit dus dat die rol wat maatskaplike werkers in die aannemingsproses speel, van kardinale belang is.

2.4 DIE ROL VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER TYDENS AANNEMING

'n Maatskaplike werker tree tydens aannemingsake as deskundige getuie op. Die primêre funksie van 'n deskundige is om leiding aan die hof te gee om die korrekte besluit te neem. Gevolglik word die ondersoek en verslag wat deur die maatskaplike werker aan die hof voorgehou word as gesaghebbend beskou en het dit 'n substansiële invloed op die besluit van die Kommissaris van Kindersorg rakende die plasing van die kind.

2.4.1 Die aannemingsondersoek

Wet 74 van 1983 spesifiseer duidelik dat tuisbesoeke deur die maatskaplike werker by die voornemende aanneemouers gedoen moet word om interaksie tussen familielede binne hulle natuurlike omgewing te evalueer. Ook vereis die Wet dat aanneemouers se posisie in die gemeenskap waar hulle woon, asook hulle sosiale aanpasbaarheid, geassesseer moet word. Karakterverwysings van professionele persone en persone wat nie aan die voornemende aanneemouers verwant is nie, word verlang en die ondersoek moet op die gesondheid, ouderdom en die stabiliteit van die huwelik van die aansoekers fokus om hulle as

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geskikte ouers te keur. Howe, Dooley en Hinings (2000:144) onderskryf dat versorgers wat voorspelbaar, sensitief en aanvaardend is, kinders toelaat om 'n goeie psigologiese begrip van hulleself, ander en verhoudings te vorm. Dit is veral belangrik by die ouer aanneemkind wat dikwels 'n verdraaide beeld van sekuriteit en stabiele versorgers ontwikkel het.

Alle partye wat by die aannemingsondersoek betrokke is, is besonder kwetsbaar. Die maatskaplike werker moet tydens die ondersoek verseker dat beskerming gebied word aan die biologiese ouers, die voornemende aanneemouers asook aan die kind. 'n Kind moet so gou as moontlik in sy aanneemhuis geplaas word om binding te bespoedig en om aanpassingsprobleme wat veral by ouer kinders mag voorkom, te verminder. Dit bring dus mee dat die ondersoek nie moet talm nie. Weiner en Kupermintz (2001:215) ondersteun die vinnige afhandeling van aannemingsondersoeke en bevestig dat kinders wat spoedig by aanneemouers geplaas word, optimaal binne 'n gesinsopset funksioneer en met hulle nuwe versorgers bind.

In die geval van ouer kinders, word van die maatskaplike werker verwag om gedurende die aanneemondersoek aan die kind die geleentheid te gee om aktief deel te hê aan die besluitnemingsproses rakende sy of haar aanneming. Hierdie beginsel word onderskryf in artikel 12 van die Verenigde Nasies se Konvensie van die Regte van die Kind (1989). Thomas en O'Kane (2000:821) voeg by dat maatskaplike werkers daarvoor verantwoordelik is om die kind te verteenwoordig en te ondersteun tydens die aannemingsproses deur met aandag en sensitiwiteit kwellinge aan te hoor.

2.4.2 Die aannemingsverslag

Die verslag van die maatskaplike werker word uitgesonder as die belangrikste dokument wat ooit oor die kind geskryf sal word en het verreikende gevolge vir die betrokkenes. Dit moet duidelik uit die maatskaplike werker se verslag blyk

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dat die beste belang van die kind prioriteit tydens die ondersoek geniet het en dat aanneming bevorderlik is vir sy welsyn.

Binne die Wet is daar nie rigiede riglyne vir die skryf van 'n verslag nie. Elke organisasie wat met aanneming gemoeid is, is verantwoordelik om 'n eie raamwerk saam te stel vir die skryf van 'n aannemingsverslag en dit word aan die maatskaplike werker wat die ondersoek doen, oorgelaat om te verseker dat alle relevante inligting aan die hof deurgegee word. Dit is goeie praktyk om 'n volledige assessering waarin alle faktore geëvalueer word, voor te hou en daar word aanbeveel dat die volgende inligting in 'n aannemingsverslag vervat word:

- **Identifiserende besonderhede**

Die samestelling van die gesin en ander betrokkenes by die huishouding, huistaal, nasionaliteit en kerkverband word hier genoem. Die opvoedkundige kwalifikasies van die voornemende ouers en die beroep van beide ouers moet weergegee word. 'n Bespreking van vorige huwelike en die redes vir ontbinding, byvoorbeeld dood of egskeiding is belangrik.

- **Agtergrond- en gesinsgeskiedenis**

Die area waar die voornemende aanneemouers grootgeword het, of dit stedelik of in die platteland is, word genoem. Besonderhede oor die beroepe en betrokkenheid van ouers, broers en susters word ingesluit om die aard van die verhouding met die familie te bepaal. Die huweliksverhouding, rolvervulling en ouer-kindverhoudings sal ook hier aandag geniet.

Behuising en die omgewing is belangrik vir die suksesvolle plasing van 'n kind. Gemeenskapsfasiliteite soos skole en ontspanning in die omgewing en die waarskynlike invloed wat dit op die ontwikkeling van die kind mag hê, moet geantisipeer word. Ook moet die beroep en inkomste, vaste eiendom, pensioen en ander voordele ondersoek word, asook die besteding van finansies en besparing .

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Fisieke en psigiese aspekte, verstandelike vermoëns en persoonlikheidseienskappe moet binne die verslag na vore kom. Die algemene voorkoms, fisieke gestremdheid, genetiese lyne en abnormaliteite word genoem indien dit van toepassing is. Hoe die egpaar lewensituasies, kinderloosheid en hul dag-tot-dag-funksionering hanteer, word geëvalueer en binne die verslag genoem.

- **Motief vir aanneming**

Die maatskaplike werker moet tydens die onderhoude onderskei tussen suiwer en onsuiwer motiewe vir aanneming. Onsuiwer motiewe soos 'n neurotiese obsessie om 'n kind te hê, 'n maat vir eie of aangenome kinders, hoop op 'n latere kind van hulle eie, vrees vir swangerskap, om 'n erfgenaam te bekom, vervulling van ouerskap, die plek te vul van 'n kind wat deur die dood verloor is en gesinsgeluk, word deur herhaalde kontak met die voornemende aanneemouers vasgestel. Vonk (2001:250) bevestig dat 'n verset teen rassisme en die regstelling van ongelykhede van die verlede nie 'n kindgesentreerde motivering is om aan te neem nie, maar dat kindgesentreerde motiverings fokus op die passing tussen die kind se behoeftes en die ouers se vermoë en begeerte om dit te bevredig.

- **Evaluering en aanbeveling**

'n Bespreking en evaluering ten opsigte van die geskiktheid van die egpaar as aanneemouers en hul bevoegdheid tot ouerskap moet duidelik en ondubbelsinnig binne die verslag weergegee word.

Die riglyn wat bespreek is, is saamgestel na aanleiding van die ervaringsveld van maatskaplike werkers binne 'n organisasie en is nie 'n universeel aanvaarde riglyn vir alle aannemingsverslae nie. Die hoofpunte wat kortliks bespreek is, vorm die kern van die verslag, maar die formaat en uiteensetting verskil van instansie tot instansie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Alhoewel instellings wat aannemings fasiliteer, heel moontlik bewus is van die grondwetlike implikasies van 'n nie-rassistiese werkswyse, word die toepassing daarvan dikwels nog bevraagteken. Simon en Altstein (2000:45) is dit eens dat die "tradisionele" beleid en praktyke van welsynsinstansie wat op wit middelklas-aannames gebaseer is, verander moet word om die huidige behoeftes van minderheidsgemeenskappe aan te spreek, wat ook die moontlikheid vergroot om potensiële aanneemouers binne hierdie gemeenskappe te werf. Die meeste welsynsinstansies wat multikulturele aanneming as 'n opsie oorweeg, doen dit net indien daar geen ander opsie vir die kind beskikbaar is nie. Weinig argumente word aangehoor wat nie noem dat so 'n plasing ondergeskik is aan die plasing van 'n kind binne dieselfde ras en kultuur nie (Simon & Altstein, 2000:46).

2.5 SAMEVATTING

Aanneming is dikwels kompleks. Selfs waar voornemende aanneemouers gekeur word vir 'n spesifieke kind in terme van fisiese karaktertrekke, insluitende ras, is aanneming 'n ingewikkelde proses. Wanneer ras- en kultuurverskille bykomende faktore is om in aanmerking te neem wanneer 'n permanente huis vir ouerlose kinders gesoek word, kan dit 'n proses wees wat verstrengel is in kultuur, wetgewing, politiek, ekonomie, vooroordele van die verlede en ook persoonlike partydigheid .

Die behoefte aan multikulturele aanneming was nie die resultaat van doelbewuste programontwikkeling binne organisasies nie, maar van aanpassing by die realiteit. Sosiale veranderinge aangaande aborsie, kontrasepsie, enkel ouerskap en reproduksie in die algemeen, het 'n afname in beskikbare wit kinders tot gevolg gehad en die bereidwilligheid van wit ouerpare om oor die kleurgrens aan te neem, het toegeneem. Die maatskaplikewerk-professie moes noodwendig ook aanpassings maak om tred te hou met 'n veranderende samelewing om die behoeftes van kliëntsisteme sinvol aan te spreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ouerlose kinders stroom 'n oorvol welsynsisteem binne en vooroordele deur wetstoepassers, staan in die weg van hierdie kinders om hulle by beskikbare aanneemouers te plaas. Multikulturele aanneming kan in die behoeftes van wit ouerlose egpare waarvoor geen wit kinders vir aanneming beskikbaar is nie voorsien en ook 'n groot invloed hê op die afname in pleegsorgplasings waar kinders teen hoë koste deur die staat versorg moet word.

Teoreties gesproke beïnvloed wetgewing en navorsingsbevindinge beleid, wat op sy beurt weer die dryfkrag in die praktyk moet wees (Weekes, 2001:172). Alhoewel verwys word na verskeie internasionale studies waar empiries bewys is dat multikulturele aannemings met sukses deurgevoer kan word, ten spyte van al die kontroversie, word bevind dat welsynsinstansies en maatskaplike werkers praktiseer asof geen data beskikbaar is om multikulturele aanneming te ondersteun nie.

Om die relevansie van hierdie tesis te verseker, is dit nodig om te verwys na multikulturele intervensie en aanneming binne die Suid-Afrikaanse konteks. Multikulturele intervensie en kulturele vaardighede wat maatskaplike werkers benodig asook die multikulturele gesin, sal dus in die volgende hoofstuk aandag geniet.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 3

MULTIKULTURELE INTERVENSIE BINNE DIE MAATSKAPLIKE WERK-PROFESSIE

3.1 INLEIDING

Die komplekse aard en eiesoortigheid van multikulturele aanneming vereis spesifieke vaardighede van maatskaplike werkers. Dit word dikwels aanvaar dat die ontwikkeling van vaardighede om aan verskillende rasse, kulture en etniese groepe dienste te lewer, vinnig en dikwels met eenmalige werkswinkels, bereik kan word. McPhatter (1997:259) bevestig dat die eerste stap vir die verwesenliking van kulturele vaardighede die besef is dat gedurige en gereelde ontwikkeling van kennis en vaardighede op dié gebied nodig is. 'n Goeie aanduiding vir kulturele vaardigheid is die vermoë om kennis en kulturele bewustheid te omskep in intervensie wat binne 'n gepaste kulturele konteks, 'n gesonde kliëntsisteem ondersteun en in stand hou (Vonk, 2001:247).

Die fokus van hierdie hoofstuk is om 'n praktykperspektief vir multikulturele intervensie te bespreek en dit van toepassing te maak op multikulturele aannemings. Enige toekomstige verwysings na ouers in hierdie hoofstuk, moet geïnterpreteer word as aanneemouers in multikulturele verband.

3.2 MULTIKULTURELE INTERVENSIE

Teoretici het 'n gemeenskaplike vertrekpunt vir maatskaplikewerk-intervensie daargestel in terme van die doel, waardes, wetenskaplike kennis en vaardighede wat individue, gesinne, groepe en gemeenskapsisteme verenig en 'n generiese praktykmodel vir maatskaplikewerk-intervensie wat op sisteemteorie gebaseer is, is geformuleer (Pincus & Minahan, 1973; Siporin, 1975; Compton & Galaway, 1999). Lum (1992:3) is van mening dat die ontwikkeling van gemeenskaplikheid binne die maatskaplikewerk-professie grotendeels tot gevolg gehad het dat minderheids-teorieë, waarvan multikulturele intervensie deel uitmaak, onvol-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

doende aandag geniet het en kultuur en etnisiteit dwarsdeur die ontwikkeling van maatskaplikewerk-teorie onderbeklemtoon is.

Alhoewel kennis, waardes en vaardighede ook tydens multikulturele intervensie fundamenteel is, het maatskaplike werkers 'n plig om enige vorm van diskriminasie te verminder en 'n gesonde maatskaplike omgewing te skep (O'Neil-McMahon, 1996:7). Hierdie beginsel word beklemtoon in die Witskrif vir Welsyn (1997:2) waar genoem word dat die welsynsisteem daarop moet fokus om strategieë te ontwikkel om 'n groot deel van die bevolking wat in armoede leef en wat vir baie lank gemarginaliseerd was, te bedien. Om suksesvol tydens multikulturele intervensie te wees, moet maatskaplike werkers genoegsame kennis aangaande kulturele aspekte bekom en die nodige sensitiwiteit en vaardighede ontwikkel om hierdie kennis toe te pas (Lifschitz, Kgoadi & Van Niekerk, 1992:129). Dit is belangrik dat maatskaplike werkers wat by multikulturele aannemings betrokke is, ook bewus is van hul eie waardes rondom multikulturele aspekte. Om te alle tye 'n objektiewe en kind-gesentreerde werkswyse te implementeer, moet die werker eerlik met hom- of haarself en die kliënt wees.

Die rol van die welsynsinstansie is eweneens belangrik. Om die behoeftes van mense in 'n multikulturele samelewing aan te spreek, moet spesifieke werkswyses teenwoordig wees by welsynsinstansies wat aan verskillende kultuurgroepe diens lewer (Anderson, 1997:6). Daar behoort 'n klimaat van aanvaarding en respek vir die verskil tussen mense te wees en ook voortdurende selfondersoek omtrent verskillende kulture en die beskikbaarheid van hulpbronne. Anderson (1997:6) moedig die implementering van 'n verskeidenheid praktykmodelle, ingeslote die ontwikkeling van kultuursensitiewe benaderings en navorsing om by te dra tot die kennisbasis van multikulturele intervensie aan. Organisasies wat personeel in diens neem wat reeds vaardig is met multikulturele intervensie verseker dat 'n diverse kliëntsisteem se behoeftes bevredig word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.2.1 Praktykperspektief

Om die proses van multikulturele aanneming sinvol te fasiliteer moet maatskaplikewerk-intervensie binne 'n gepaste praktykraamwerk geskied. Sheafor, Horesji en Horesji (1994:82) en Potgieter (1998:149) beklemtoon dat 'n praktykraamwerk in ooreenstemming met die waardes, doel en etiek van die professie moet wees en deur al die partye wat by intervensie betrokke is, gekommunikeer en verstaan moet word. 'n Suksesvolle praktykraamwerk moet leiding en rigting gedurende al die fases van die intervensieproses verskaf en 'n wetenskaplike grondslag wat op feite en observasies gebaseer is, is onontbeerlik (Slonim-Nevo, 1997:228).

Om te verseker dat die maatskaplike werker sensitief is vir die etniese, kulturele en godsdienstige diversiteit van kliënte en dat diskriminasie aangespreek word, beklemtoon Devore en Schlesinger (1996:197) die *etnies-sensitiewe praktykperspektief.* Die uitgangspunt van hierdie perspektief is dat begrip vir etnisiteit gebaseer is op algemene kennis van menslike gedrag en spesifieke kennis van etniese groepe en sosiale klasse (Lum, 1992:81). Green en Leigh (1989:8) is dit eens dat dit al hoe meer noodsaaklik is vir maatskaplike werkers om kennis omtrent diverse etniese groepe te verkry ten einde 'n akkurate assessering van die kliënt se probleem te kan maak . Congress (1997:275) voeg by dat 'n maatskaplike werker wat binne 'n multikulturele opset hulp verleen, kennis moet dra van die verband tussen die gesin of individu se kultuur en die metodes van intervensie, ten einde positiewe resultate te verseker. Hierdie is dan die basis waarvandaan 'n maatskaplike werker begin om hulp binne 'n kultuursensitiewe raamwerk te verleen.

Ely en Denney (1989:69) vermeld dat maatskaplike werkers wat multikultureel hulp verleen, gekonfronteer word met menslike gedrag wat dikwels buite die raamwerk van gevallewerkteorie- en opleiding is. Die oorsprong en ontwikkeling van maatskaplikewerk-teorie is dikwels nie toepasbaar in huidige multikulturele

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gemeenskappe nie en is ook nie versoenbaar met die probleme wat aangespreek word nie (Midgley, 1995:19). Lombard (1996:162) onderskryf die *ontwikkelingsperspektief*, waar gestreef word na omvattende, geïntegreerde, gelyke en multidissiplinêre intervensiemetodes. Maatskaplike werkers behoort volgens Gray (1996:9) 'n interdissiplinêre fokus te hê wat intervensiegerigte dienslewering nastreef ten einde die ontwikkelingsbehoeftes van die diverse Suid-Afrikaanse gemeenskappe aan te spreek.

Professionele maatskaplike werk is gegrondves in kennis, waardes en vaardighede (Johnson,1995:47). Wetenskaplike *kennis* omtrent mense en hul individuele funksionering binne maatskaplike sisteme vorm die basis van intervensie. Maatskaplike werkers wat met kulturele aspekte vaardig is, is bewus van sosiopolitieke aangeleenthede, dra kennis van die struikelblokke in welsynsorganisasies wat kliënte van diverse kulture verhinder om optimale voordeel van dienste te ontvang en beskik ook oor spesifieke kennis aangaande kliëntsisteme se kulturele- en etniese groeperings (Neukrug, 2002:142).

Waardes word omskryf as riglyne vir gedrag en is 'n sentrale deel van die professie. Die maatskaplike werker moet in voeling wees met die gemeenskap en die individu se waardes, asook sy of haar eie. Maatskaplike werkers behoort die vermoë te besit om respek vir ander te openbaar indien hulle 'n bewustheid van hulle eie kulturele agtergrond, vooroordele, stereotipes en waardes het. Alhoewel maatskaplike werkers nie noodwendig dieselfde wêreldbeskouing as hulle kliënte hoef te handhaaf nie, kan hulle 'n ander siening aanvaar. Deur sensitief te wees vir verskille en om in voeling te wees met persoonlike kulturele vooroordele, is dit moontlik om 'n kliënt na 'n maatskaplike werker van dieselfde kultuur as die kliënt te verwys ten einde te verseker dat die kliënt optimale voordeel trek uit intervensie (Johnson, 1995:52).

Volgens Bisman (1994:20) is *vaardigheid* die praktiese komponent wat kennis en waardes saamvoeg en wat aksie verg om doelgerigte intervensie te verseker.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Sonder 'n uitgebreide teoretiese kennis en waardesisteem sal die betrokkenheid by intervensie aan 'n ander kultuur problematies wees. Neukrug (2002:142) beklemtoon dat maatskaplike werkers wat effektiewe dienste aan kliënte van ander kulture lewer, daartoe in staat is om generiese onderhoud- en intervensie-vaardighede toe te pas en terselfdertyd gespesialiseerde intervensie wat effektief is binne sekere etniese groepe, te gebruik. Daarmee saam verstaan die maatskaplike werker die verbale en nie-verbale kommunikasie van kliënte en kan sinvol met hulle gekommunikeer word (Bisman, 1999:240).

Aangesien maatskaplike werkers 'n groot verskeidenheid dienste lewer en 'n diverse kliëntsisteem bedien, is dit nie moontlik om 'n enkele praktykperspektief uit te sonder nie. Die gebruik van 'n gegewe praktykperspektief hang van die omvang van die kliënt se probleem, die karaktertrekke van die kliënt, die fase in die intervensieproses en die organisatoriese opset af. 'n Raamwerk wat sinvol tydens sekere omstandighede van intervensie is, mag in ander omstandighede onvanpas wees (Sheafor *et al*, 1994:84). Dit is dus onontbeerlik vir maatskaplike werkers wat gemoeid is met multikulturele intervensie en spesifiek dan aannemings, om vanuit 'n relevante praktykraamwerk diens te lewer sodat daar nie misverstande en onduidelikhede tussen die kliënt en maatskaplike werker ontstaan wat positiewe uitkomste beïnvloed nie.

Alhoewel kultuurverskille soms groot tussen etniese groepe is, is daar riglyne wat tydens intervensie met individue van ander kulture as die maatskaplike werker gebruik kan word (Neukrug, 2002:144; Potgieter, 1998:221):

a) *Moedig kliënte aan om hulle eie taal te praat.* Dit word nie altyd van maatskaplike werkers verwag om veeltalig te wees nie alhoewel dit voordelig kan wees. Dit is wenslik om vertroud te wees met sekere betekenisvolle uitdrukkings in die kliënt se taal of somtyds is 'n verwysing na 'n maatskaplike werker van die kliënt se eie kultuur gepas.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

b) *Leer omtrent die kulturele erfenis van kliënte.* Werkers moet verseker dat hulle werkswinkels of kursusse bywoon of navorsing doen oor die kultuur van hulle kliënte en selfs hulle kliënte spesifiek uitvra omtrent hulle kulturele erfenis.

c) *Assesseer die kliënt se kulturele identiteit.* Probeer verstaan hoe die kliënt hulleself sien met betrekking tot hulle kultuur. 'n Kliënt wat geakkultureer het en baie min identifiseer met sy kultuur van oorsprong is baie verskillend van 'n kliënt van dieselfde kultuur wat onlangs geïmmigreer het.

d) *Kontroleer die akkuraatheid van 'n kliënt se nie-verbale gedrag.* Maatskaplike werkers moenie aanvaar dat nie-verbale gedrag binne alle kulture dieselfde is nie. Dit word aanbeveel om kliënte te vra na die betekenis van hulle gedrag wanneer die maatskaplike werker twyfel.

e) *Maak gebruik van alternatiewe metodes van kommunikasie.* As gevolg van verskille tussen kulture, mag sommige kliënte huiwerig wees om te praat en bang wees dat hulle foute maak, indien die taal van die maatskaplike werker nie hulle moedertaal is nie. Wanneer dit billik en relevant is, word aanbeveel dat gebruik gemaak word van alternatiewe metodes van kommunikasie soos rollespel, musiek, storievertellings of kuns.

f) *Moedig kliënte aan om artikels wat relevant binne hulle kultuur is saam te bring na onderhoude.* Maatskaplike werkers moet kliënte aanmoedig om boeke, foto's of artikels wat betekenis binne die kliënt se kultuur het, te gebruik om die werker te help om hulle beter te verstaan.

g) *Wissel die terapeutiese omgewing.* Die aanvanklike kennismaking met kliënte wat nie vertroud is met 'n private terapeutiese lokaal nie, kan vrees en ongemak inboesem. Deur die kliënt by sy of haar huis, restaurant of 'n park te ontmoet mag meer gepas wees.

h) *Moenie gevolgtrekking oor kliënte maak nie.* Moenie aanneem dat kliënte op sekere stereotipiese maniere gaan reageer nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

i) *Ken jouself.* Maatskaplike werkers moet hulle eie vooroordele ondersoek om te verseker dat dit nie 'n negatiewe invloed op intervensie het nie.

As gevolg van Suid-Afrika se geskiedenis van rasseskeiding, is multikulturele aannemings 'n relatief nuwe verskynsel. Die keuse van 'n praktykriglyn sal dus afhang van die omstandighede van die kliënt en ook die implementering van die nuwe welsynsbeleid soos vervat in die Witskrif vir Welsyn (1997:1), waar voorgestelde beginsels en riglyne vir ontwikkelingsgerigte maatskaplike werk in Suid-Afrika aanbeveel word.

Maatskaplike werkers moet gepaste vaardighede bemeester asook kursusse en werkswinkels bywoon wat verseker dat hulle op hoogte van die nuutste professionele literatuur is en wat verseker dat hulle bewus is van die vaardighede wat gebruik en nié gebruik behoort te word nie.

3.2.2 Vaardighede wat maatskaplike werkers benodig vir multikulturele intervensie

McPhatter (1997:261-274) het 'n holistiese, sirkulêre en interafhanklike model, soos geïllustreer in figuur 3.1, saamgestel waarvolgens multikulturele intervensievaardighede bereik kan word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Figuur 3.1: Kulturele vaardigheid

Die drie komponente van die model, naamlik 'n verligte bewustheid, 'n grondige kennisbasis en kumulatiewe vaardigheidsbemeestering sal vervolgens bespreek word.

3.2.2.1 Verligte bewustheid

Verligte bewustheid behels 'n fundamentele proses van reoriëntasie van 'n persoon se wêreldsiening. Dikwels vereis dit 'n radikale verandering in 'n persoon se geloofsisteem waar 'n eie kultuur, insluitend waardes en gedrag, as meerderwaardig teenoor die van 'n ander beskou word. Die uiteindelike doelstelling met hierdie verskuiwing van denkpatroon is om geloof in en aanvaarding van ander kulture te bewerkstellig, bloot op die beginsel van gelykheid en gedeelde humaniteit. Mense word gevorm deur sosialisering, formele en informele onderrig asook kulturele oorerwing en dit weerspreek die essensie van ware gelykheid tussen mense. Om 'n wêreldsiening te verander, is soms uitdagend, omdat dit 'n individu dwing om die grondslag van sy bestaan te bevraagteken - al is dit duidelik buite verband met realiteit. Hancock (1997:14) beklemtoon egter dat elke kliënt 'n behoefte het aan 'n objektiewe terapeut wat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

poog om optimale verandering by kliënte te bewerkstellig en waar die terapeut se eie vooroordele nie die intervensieproses beïnvloed nie.

Hierdie noodsaaklike transformasie van denke begin met die bewuswording van hoe inheems en eng sosialisering plaasgevind het. Individue wat grootgeword het in 'n omgewing waar die meeste mense met wie interaksie plaasgevind het, van soortgelyke ras, kultuur en etnisiteit was, was blootgestel aan monokulturele sosialisering. Individue wat monokultureel georiënteerd is, ervaar dikwels baie ongemak, persoonlik en professioneel, tydens omgang met mense wat beduidend van hulleself verskil (Neukrug, 2002:142). In die maatskaplikewerk-praktyk openbaar maatskaplike werkers dikwels onsekerheid en senuagtigheid met kliënte van 'n ander kultuur. Hierdie gedrag kom ook voor by professionele persone wat selfs dieselfde opleiding en ervaring in gemeen het. Die ongemak word veroorsaak deur die vrees om aanstoot te gee, onkunde oor die ander persoon se kultuur of die betekenis wat aan sekere gebeure of gedrag geheg word (Axelson, 1999:47).

Verligte bewustheid sluit ook 'n dimensie van emosie en gesindheid in. Die herstrukturering van 'n wêreldsiening vereis 'n kritiese hersiening van wat individue as die werklikheid beskou. Wanneer bewustheid, sensitiwiteit en opregte aanvaarding van mense van 'n ander kultuur geïnternaliseer is, verskuif die emosionele handelswyse van openheid na die vorming van 'n verbintenis (Ivey, Ivey & Simek-Downing, 1987:1). Neukrug (2002:142) voeg by dat die realiteit van 'n multikulturele samelewing aanvaar word en die stryd om meerderwaardigheid sodoende af neem. Axelson (1999:38) beklemtoon dat die tekortkominge van opleiding en sosialisering erken moet word, die noodsaaklikheid om kennis van en begrip vir ander uit te brei, raakgesien moet word en daar moet ook onderneem word om die nodige te doen om vanaf 'n monokulturele na 'n multikulturele bestaan te beweeg.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit behoort duidelik te wees dat hierdie dinamiese proses van verandering nie op die kort termyn bereik kan word nie. Dit behoort 'n volgehoue poging te wees wat gemotiveer word deur 'n begeerte om aanvaarding en gemak te openbaar wanneer hulp aan kliënte van 'n ander kultuur verleen word. Opregte pogings om kennis en bewustheid van ander te verbreed, het dikwels 'n positiewe uitwerking op beide professionele persone en kliënte en daar word 'n bereidheid geopenbaar om deel te hê aan die leerproses wanneer dit vanuit 'n posisie van gelykheid benader word (Jackson, 1995:45 ; Neukrug, 2002:142).

Deur die uniekheid van 'n persoon se eie kultuur te ondersoek en bewus te wees van die positiewe en negatiewe aspekte daarvan, word die vaardigheid om soortgelyke eienskappe in 'n ander se kultuur te akkommodeer, verbeter. Verligte bewustheid stel 'n persoon in staat om op 'n nuwe vlak met mense van 'n ander kultuur te kommunikeer waar skeidsmure wegval en 'n lewenslange doel gestel word om kulturele vaardighede te bekom. Dit bring voorts mee dat 'n objektiewe assessering van voornemende aanneemouers tydens multikulturele aannemings gedoen kan word om besluite in die beste belang van die kind te neem.

3.2.2.2 Grondige kennisbasis

Die najaag van 'n grondige kennisbasis verg die kreatiewe gebruik van 'n wye verskeidenheid inligtingsbronne wat ander dissiplines en inligting van verwante onderwerpe insluit. Gemeenskappe waar dienste gelewer word asook ekonomiese, religieuse en maatskaplike instellings is belangrike hulpbronne vir die versameling van kennis aangaande 'n spesifieke groep mense.

Om 'n uitgebreide kennisbasis spesifiek ten opsigte van kinderwelsyn te bekom, is 'n omvattende taak. Daar is egter verskeie areas volgens McPhatter (1997:261) se model wat as basis gebruik word, wat onontbeerlik is vir die bevordering van intervensievaardighede met kultureel diverse kliënte. Geen lys

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sal ooit as volledig beskou kan word nie, maar die volgende komponente word as die basis beskou vir elke maatskaplike werker wat multikultureel praktiseer.

Binne gemeenskappe waar die maatskaplike werker professionele verantwoordelikhede het, is 'n uitgebreide kennis van die geskiedenis, kulture, tradisies en gewoontes, taal of dialek, waarde-oriëntasie, geloof en spirituele oriëntasies, kuns, musiek of geloof rondom genesing nodig. Voorts is eksplorasie van die werker se eie kultuur belangrik aangesien die waarde en betekenis wat ander daaraan heg, moontlik na vore sal kom (Dougherty, 1990:18).

Maatskaplike werkers benodig 'n diepgaande kennis van die maatskaplike probleme wat op minderbevoorregte groepe 'n invloed het. Hierdie omstandighede is heel moontlik volgehoue patrone van sosio-ekonomiese agterstand as gevolg van armoede, werkloosheid, gesondheid- en psigososiale risikofaktore soos middel-afhanklikheid en die toenemendheid van interpersoonlike en gemeenskapsgeweld. Soos bespreek in hoofstuk een, word al meer kinders ouerloos gelaat as gevolg van armoede en die HIV-krises in Suid-Afrika. Volgens Axelson (1999:6) is dit dus van fundamentele belang dat werkers die dinamika wat hierdie probleme in stand hou, sowel as die oorsprong daarvan verstaan, sodat intervensie tydens multikulturele aanneming gepas en doelgerig uitgevoer kan word aangesien

Woonbuurt- en gemeenskapsprofiele, insluitende sosio-demografiese inligting en 'n uitgebreide kennis van die woonbuurt se hulpbronne is onontbeerlik (Hancock, 1997:76). Formele, burgerlike en informele hulpbronne is noodsaaklik vir die vorming van 'n ondersteuningsnetwerk vir aanneemouers. Werkers laat dikwels na om belangrike hulpbronne wat by kerke en ander gemeenskapsgebaseerde programme beskikbaar is en wat 'n lang geskiedenis en teenwoordigheid in die buurt het, te benut.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Maatskaplike werkers moet voorts begrip toon vir verdrukking, rassisme, seksisme, klassisme en ander vorms van diskriminasie wat mense van ander kulture onherstelbaar gekrenk het (Martínez, 1996:236). Mense met 'n verligte bewustheid ontken nie meer die historiese en huidige bestaan van verdrukking en maak nie meer verskoning vir die vrees en haat wat dit aanvuur nie. Dit is inteendeel nodig om strategieë te ontwikkel om die handhawing van individuele en institusionele verdrukking aan te spreek en te beëindig. Hierdie pogings vereis kennis van voorspraak en individuele en gemeenskapsbemagtiging namate maatskaplike werkers nouer met gesinne en gemeenskappe saamwerk.

Volgens Bisman (1994:9) moet maatskaplike werkers bewus wees van die geskiedenis van welsyn, die ontwikkeling van dienste vir kinders en gesinne, die huidige probleme (insluitende finansies en beleid) en veral die struikelblokke om sinvolle dienste aan kliënte van 'n ander kultuur te lewer (Neukrug, 2002:143). Axelson (1999:3) voeg by dat maatskaplike werkers 'n duidelike begrip moet vorm van die persepsie en gevoelens van minderbevoorregte groepe teenoor die welsynsisteem en ook eie persepsies en gevoelens rondom dié sisteem ondersoek moet word. Verbruikers van die welsynsisteem het 'n lang geskiedenis van dienste wat vernederende en afbrekende ondervindinge was en hierdie gevoelens het dikwels wantroue in die sisteem veroorsaak. Maatskaplike werkers moet kliënte met empatie en sensitiwiteit by intervensie betrek deur begrip te toon vir hul persepsie van die welsynsisteem as gevolg van vorige negatiewe ervaringe. Die verstaanbare weerstand moenie aanvaar word as 'n inherente tekort by kliënte indien onvanpaste intervensie nie slaag nie.

Alternatiewe gesinne moenie as disfunksioneel beskou word nie en maatskaplike werkers moet goed bekend wees met verskillende gesinstrukture. As gevolg van onderdrukking het sommige gesinne noodwendig eiesoortige metodes ontwikkel om te oorleef. Kennis omtrent die optimale funksionering van gesinne is 'n breë en uitgebreide onderwerp wat belaai is met dubbelsinnigheid oor wat aanvaarbaar is of wat nie. Die assessering van gesinsfunksionering is baie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

problematies wanneer kennis aangaande spesifieke gedrag binne 'n sekere kultuur ontbreek (Neukrug, 2002:144). Opvoeding van kinders insluitende metodes van dissipline, versorging, die bevrediging van fisiese en psigososiale behoeftes van kinders, reaksie op siektes en gesondheid asook sosialisering, is areas waarin maatskaplike werkers vaardighede moet bemeester.

Die inkorporering van alternatiewe teoretiese- en praktykperspektiewe wat binne 'n kultuur relevant is, kan sinvolle intervensie bevorder word (Ivey, Ivey & Simek-Downing, 1987:6). Maatskaplike werkers moet gedurig bewus wees van alternatiewe verduidelikings vir gedrag en gebeure. Wat byvoorbeeld dikwels as manipulerende gedrag beskryf word, mag as probleemoplossende pogings geïnterpreteer word ten einde ondersteuning te bekom en vaardighede te ontwikkel.

Maatskaplike werkers moet waarde heg aan en bou op die informele pleegsorg- en aannemingspraktyke in verskillende kulture. Die kulturele konteks moet die basis vorm van intervensiestrategieë met 'n diverse kliëntsisteem. Korttermyn- en intensiewe intervensie moet in konteks beskou word met langdurige risikofaktore soos armoede en werkloosheid waaroor kliënte baie min beheer het, ten spyte van hulle beste pogings (Dougherty, 1990:25). Konsepte wat verband hou met sterk punte moet deel vorm van verduidelikings vir gedrag en benaderings vir intervensie. Die vaardigheid om sterk punte in 'n gesin wat oorwegend negatief funksioneer te identifiseer, is dikwels die keerpunt vir suksesvolle intervensie met kliënte van 'n ander kultuur. Alhoewel baie pogings al aangewend is om 'n sterkteperspektief tydens intervensie met gesinne te inkorporeer, oorbeklemtoon die meerderheid intervensiemodelle tekortkominge wat dit vir kliënte bemoeilik om hoop vir positiewe verandering te kry.

'n Grondige kennisbasis behoort maatskaplike intervensie ten opsigte van multikulturele aanneming soos dit tans lyk, aansienlik uit te brei. Om kulturele vaardighede te bemeester, is dit noodsaaklik om deurdagte en volgehoue

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

analises van die mees basiese teoretiese en praktykbenaderinge deur te voer om die kulturele implikasies te bepaal.

3.2.2.3 Kumulatiewe vaardigheidsbemeestering

Verligte bewussyn en 'n grondige kennisbasis is die grondslag vir kumulatiewe vaardigheidsbemeestering. *Kumulatief* verwys daarna dat vaardigheidsontwikkeling 'n proses is en dat die maatskaplike werker wat toegewyd is om effektiewe multikulturele diens te lewer, begryp dat daar voortdurend pogings van verbetering moet wees. *Vaardigheidsbemeestering* is nie 'n toevallige proses nie – dit is gefokus, sistematies, reflektief en evaluerend van aard. Om aan te hou om werkswyses te gebruik omdat dit tydens opleiding so aangeleer is, of omdat ander vaardighede nog nie geïnternaliseer is nie, is in stryd met die doel van die bereiking van kulturele vaardighede (Axelson, 1999:13).

Van die belangrikste vaardighede van 'n maatskaplike werker wat kultureel vaardig is, is die vermoë om met 'n kliënt van 'n ander kultuur op 'n aanvaarde, opregte en 'n nie-beledigende manier tot 'n hulpverleningsverhouding toe te tree. Maatskaplike werkers wat gelyke waarde aan die wêreldsiening van ander heg, is daartoe in staat om kliënte gouer op hulle gemak te laat voel en om gouer met intervensie voort te gaan. Ivey *et al.* (1987:424) onderskryf die waarde van egtheid en eerlikheid met kliënte en beklemtoon die noodsaaklikheid om hierdie vaardighede te bemeester.

Die heersende intervensiebeginsels is duidelik omtrent die belangrikheid van vertroue en om 'n sinvolle verhouding met kliënte te bou. 'n Verskil in kultuur tussen die maatskaplike werker en kliënt bemoeilik uit die staanspoor die toepassing van hierdie beginsels. 'n Beperkte kennisbasis tesame met 'n verdraaide beeld van 'n multikulturele gemeenskap sal die beste pogings om betrokke by produktiewe werk te raak, beperk. Die oorbrugging van die kulturele

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gaping is dus die verantwoordelikheid van die maatskaplike werker wat kultuurvaardig is.

Assessering en intervensievaardighede vorm in die breë die maatskaplike werker se professionele toerusting (Bisman, 1994:111). Praktykteorieë en wêreldsieninge speel 'n groot rol tydens assessering. Die rede vir ongewone probleme en hoe verandering teweeggebring kan word, rig assessering en die intervensieproses. Die areas wat tydens assessering ondersoek word, moet deur 'n omvattende begrip vir die kliënt se kulturele agtergrond ondersteun word, anders is die resultaat dikwels verdraaid, verwarrend en van geen waarde vir die kliënt nie.

'n Maatskaplike werker wat kultureel vaardig is, moet bewus wees van die langdurige negatiewe impak wat institusionele en omgewingstrukture op minderheidsgroepe gehad het en daartoe in staat wees om op alle vlakke – organisatories, gemeenskaplik, maatskaplik, ekonomies en polities - hulp te verleen. Deur vinnig en doelgerig organisatoriese of gemeenskapstruikelblokke in belang van kliënte te verwyder, dra 'n kragtige boodskap oor en het onmeetbare waarde vir die intervensieproses. Dit is veral waar by die hantering van rassisme en diskriminasie, waar minderheidsgroepe dikwels voel dat hulle die stryd alleen voer. Morelli en Spencer (2000:173) is dit eens dat maatskaplike werkers op mikro-, meso- en makrovlakke verandering kan fasiliteer as gevolg van aangeleerde vaardighede ten einde houdings, prosesse, prosedures en beleid te beïnvloed waar dit nodig is. Hierdie vaardighede is veral belangrik as gewerk word met minderbevoorregte groepe wat nie bemagtig is om komplekse veranderinge in die gemeenskappe waar hulle woon te bewerkstellig nie.

Maatskaplike werkers wat nie makro-twispunte as hulle veld beskou nie, veral die belangrikheid daarvan vir minderheidskliënte, funksioneer in 'n vakuum en sal nie eens die minimum vlak van effektiwiteit bereik tydens werk met kliënte van 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ander kultuur nie. Kennis van die funksionering van organisasies en strukture en gepaardgaande intervensievaardighede is onontbeerlik tydens multikulturele intervensie.

Voorts is multikulturele kommunikasievaardighede baie belangrik. Die gebruik van professionele jargon met kliënte is dikwels te bespeur en maatskaplike werkers het dikwels nie begrip vir hulle kliënte nie, want hulle verstaan nie sekere dialekte en uitdrukkings binne 'n sekere kultuur nie. Omdat taal en uitdrukkings so vinnig by sekere kultuurgroepe verander, beklemtoon die belangrikheid van gereelde en aanhoudende kontak met die kultuur van die kliëntsisteem.

Bedrewenheid in vaardighede met diverse kultuurgroepe is 'n belangrike komponent vir die bepaling van suksesvolle intervensie-uitkomste. Effektiewe multikulturele kommunikasie het 'n verhoogde akkuraatheid tydens assessering van probleemareas tot gevolg en lei tot strategies gefokusde intervensie.

Multikulturele aanneming in Suid-Afrika is 'n werklikheid. Die proses om kultureel vaardig te word, begin by 'n eerlike assessering van die mate waarin met persone van ander kulture omgegaan word. McPhatter (1997:275) vermeld dat maatskaplike werkers hulself meer kultureel vaardig ag as wat hulle werklik is. Dit is dus hierdie valse persepsies wat verhoed dat effektiwiteit tydens multikulturele intervensie bereik word.

3.3 DIE MULTIKULTURELE GESIN

Die definisie van 'n gesin lyk op die oog af redelik voor die hand liggend. Die stereotipe van 'n gesin is 'n klein groepie wat ontstaan as gevolg van die verhouding tussen 'n man en 'n vrou wat wettig getroud is en wat 'n woning deel. 'n Kerngesin ontstaan wanneer kinders uit die egpaar gebore word (Muncie & Sapsford, 1993:10). Ingoldsby en Smith (1995:6) meen dat 'n gesin 'n groep verwante persone in verskillende gesinsposisies is, soos 'n man en vrou, ouer en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kind of tante en niggie, wat funksies vervul wat nodig is vir oorlewing, byvoorbeeld reproduksie, sosialisering en emosionele gratifikasie.

Gesinsvakkundiges argumenteer dat gesinne varieer afhangende van ras, etnisiteit en kultuur (Thomas & Wilcox, 1987:81-102). Variasies in gesinstruktuur, funksies en interaksies word dikwels nie begryp nie, omdat alle gesinne in die algemeen aan die wit middelklas kerngesin model gemeet word, eerder as aan hulle uniekheid binne 'n historiese agtergrond. Ingoldby en Smith (1995:7) maak die stelling dat daar nie 'n enkele korrekte definisie van 'n gesin is nie. Daar is eerder veelvuldige definisies wat vanuit 'n spesifieke teoretiese perspektief geformuleer kan word. Teorie bepaal dus die definisie van 'n gesin – hoe daar oor hulle verskille en ooreenkomste gedink word. Die skrywers voeg by dat die teoretiese perspektief wat 'n persoon aanneem, afhang van historiese ontwikkelinge van die tyd, ideologieë en persoonlike ervarings.

Binne Suid-Afrika wat so lank aan segregasie blootgestel was, is dit dus nodig om tydens intervensie multikulturele teorieë te integreer ten einde 'n begrip van gesinne binne verskillende kulture te vorm. Elke lid van 'n gesin se situasie moet geassesseer word met in agneming van die individu binne 'n klein groep en die kultuur van die verskillende lede moet in verband gebring word met die funksionering van die gesin as 'n geheel (Ingoldby & Smith, 1995:7).

3.3.1 Vaardighede wat ouers benodig vir 'n suksesvolle multikulturele aanneming

Ondersteuners sowel as kritici van multikulturele aanneming beveel sterk aan dat ouers houdings, vaardighede en kennis moet verwerf wat hulle in staat sal stel om hul kinders te help om 'n positiewe rasidentiteit aan te leer en om in 'n rassistiese samelewing te oorleef (McRoy, 1994:65). Om riglyne vir die ontwikkeling van kulturele vaardighede vir ouers saam te stel, is dit nodig om bewus te wees van die verskil tussen die ouer-kind-verhouding en die kliënt-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

maatskaplikewerker-verhouding. Alhoewel beide verhoudings groei promoveer, is die maatskaplike werker gemoeid met die gesonde funksionering van 'n kliëntsisteem, terwyl ouers se fokus die optimale ontwikkeling van kinders op alle gebiede is (Vonk, 2001:246). Simon en Altstein (2000:150) beklemtoon voorts dat maatskaplike werkers kennis en vaardighede nastreef om gepaste intervensie toe te pas, waar ouers poog om kennis en vaardighede te ontwikkel wat leiding, koestering en ondersteuning van hulle kinders tot gevolg het. Ouers wat dus daarna streef om kultureel vaardig te wees, moet spesifieke houdings, kennis en vaardighede bemeester ten einde die unieke kulturele behoeftes van hulle kinders aan te spreek (McPhatter, 1997:261).

Vonk (2001:249) het na aanleiding van verskeie empiriese studies, drie hoofareas waaraan ouers aandag moet skenk en waarin vaardighede moet ontwikkel geïdentifiseer, naamlik bewustheid van ras, oorlewingsvaardighede en ontwikkeling van 'n kultuuridentiteit. Elk van die aspekte sal vervolgens aandag geniet.

3.3.1.1 Bewustheid van ras

Rassebewustheid verwys na 'n persoon se bewustheid van hoe die veranderlikes van ras, etnisiteit, kultuur en taal in 'n persoon se eie lewe en in die van ander funksioneer en sluit ook begrip in vir rassisme, onderdrukking en ander vorms van diskriminasie (McRoy, 1994:66). McPhatter (1997:261) beklemtoon dat selfondersoek 'n goeie beginpunt is vir ouers wat multikultureel wil aanneem deur bewus te word van die rol wat ras, etnisiteit en kultuur gespeel het om hulle waardes en houdings te vorm. Devore en Schlesinger (1996:43) is dit eens dat die afwesigheid van kontak en ervaring met mense van ander kulture die bewustheid van 'n eie rasidentiteit en kultuur bemoeilik.

Voorts is dit nodig dat multikulturele aanneemouers bewus is van die rol wat ras, etnisiteit en kultuur in die lewe van ander speel en meer spesifiek die rol wat dit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in die lewens van die kinders wat hulle aanneem speel (Curtis, 1996:162). McRoy (1994:69) dui aan dat dit noodsaaklik is om te erken dat die kind se ras verskillend is as dié van die ouers eerder as om dit te ontken of op te tree asof ras nie van belang is nie. Om begrip en respek vir die kind se ras te ontwikkel, is dit nodig om bekend te wees met die geskiedenis en kultuur van die kind (Vonk, 2001:250). Dit is voorts nodig om te besef dat die kind se behoeftes rakende ras meer verantwoordelikheid van ouers sal vereis. Hierdie verantwoordelikhede sluit in om kinders te help om trots te ontwikkel vir hulle rasidentiteit sowel as om vaardighede om rassisme die hoof te bied, by die kinders te ontwikkel (Melina, 1998:213).

Ouers moet bewus wees daarvan dat multikulturele aanneming gesinne tot stand bring wat sigbaar van die meeste ander gesinne verskil. Die gesinne is vir altyd multikultureel en nie immuun teen vooroordele of rassisme teenoor ouers of kinders nie. Ouers mag situasies in die gesig staar waaraan hulle nog nie voorheen blootgestel was nie, soos byvoorbeeld kinders wat hulle voorkoms wil verander om met dié van die ouers te konformeer (McRoy & Grape, 1999:677).

Multikulturele ouerpare wat sensitief en bewus is van ras, etnisiteit en kultuur, is meer daartoe in staat om hulle kinders met verbandhoudende aangeleenthede te help. Rassebewustheid mag ouers ook help om die belangrikheid van hulle kind se ras te herken en om die kind se identifikasie met sy eie ras te bevorder (Vonk, 2001:251).

3.3.1.2 Ontwikkeling van 'n kultuuridentiteit

Ontwikkeling van 'n kultuuridentiteit verwys na die skepping van moontlikhede waar die multikulturele aangenome kind deel kan hê aan en leer van sy eie geboortekultuur (Vonk, 2001:251). Waar sosialisering binne kultuurverband gewoonlik kongruent met die ras van die gesin is, is dit nie die geval by gesinne wat deur multikulturele aanneming gevorm is nie. Dit blyk vir sommige

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aanneemkinders problematies te wees om te identifiseer met en om trots te ontwikkel vir hulle ras, etnisiteit of geboortekultuur (Johnson, Shireman, & Watson, 1987:50). Alhoewel ervaring binne die kultuur van die aanneemouers konstant is, moet ouers van multikulturele aangenome kinders dus geleenthede skep waar die kind blootgestel kan word aan sy geboortekultuur. Sulke geleenthede kan wissel van 'n literatuurstudie oor die kultuur van die kind, of by kinders wat meer eksperimenteel is, om tyd te spandeer by gesinne wat van dieselfde geboortekultuur as dié van die kind is (Vonk, 2001:251). Huh en Reid (2000:77) glo dat aanneemouers wat geïnteresseerd is in en aktiewe deelname aan die geboortekultuur van hulle kinders aanmoedig, meesal kinders sal hê wat betrokke en gemaklik met hul eie kultuur sal wees.

3.3.1.3 Oorlewingsvaardighede

Oorlewingsvaardighede verwys na die vaardighede van ouers om hulle kinders daarop voor te berei om rassisme suksesvol te hanteer. Hierdie vaardigheid is ewe belangrik vir ouers wat kinders van 'n ander ras het sowel as vir ouers wat kinders van dieselfde ras het. Ouers wat kinders van 'n ander ras het, mag rassisme moontlik moeiliker verwerk omdat hulle in die verlede minder daaraan blootgestel was (Vonk, 2001:251). Dit is ontoereikend om diskriminasie en rassistiese insidente teen kinders te minimiseer of te ignoreer.

Kinders benodig hulp om 'n goeie selfbeeld te vorm ten spyte van moontlike rassisme (Huh & Reid, 2000:85). Melina (1998:215) voeg by dat, alhoewel ouers rassisme nie kan verhoed nie, hulle 'n verantwoordelikheid het om kinders te help om dit te hanteer. Algemene strategie ten opsigte van oorlewingsvaardighede verwys daarna om openlik oor ras en rassisme binne die gesin te praat, om kontak te behou met gesinne wat soortgelyke ervaringe het, om response gereed te hê wanneer onsensitiewe aanmerkings deur ander gemaak word en om afkeur te toon van enige aanmerkings wat etniese vooroordele inhou (Simon & Altstein, 2000:140). Alhoewel elke situasie en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gesin verskillend is, moet kinders geleer word om uiting te gee aan hulle gevoelens rondom rassisme. Ouers moet in staat wees om hulle kinders se gevoelens van woede en seerkry te hanteer en die boodskap oor te dra dat rassisme nie aanvaarbaar is nie, om sodoende te verhoed dat die kind die blaam vir 'n onregverdige situasie dra (Vonk, 2000:252).

In enige gesin, hetsy biologies, aangenome of multikultureel, is die kwaliteit van emosionele versorging wat die baba of kind ervaar van diegene wat na hom of haar omsien, die essensie van ouersorg (Richards, 1994:86). Dit is ook belangrik of die kind sy ouers in die geheel ervaar as mense wat betroubaar en liefdevol is. Die kind sal sy ouers se versorgingskwaliteite internaliseer en dwarsdeur sy lewe voel asof hy of sy aan 'n gesin behoort. Richards (1994:86) beklemtoon dat hierdie sekuriteit wat ouers aan kinders verskaf, met die emosionele stabiliteit van die ouers en die vermoë om dit aan kinders oor te dra, te doen het en geen betrekking op hulle fisiese voorkoms het nie.

3.4 SAMEVATTING

Suid-Afrika is 'n vinnig veranderende land en die maatskaplikewerk-professie moet daarby aanpas en daarvolgens groei. 'n Maatskaplike werker wat betrokke is by multikulturele intervensie moet altyd bewus wees van 'n veranderende kliëntsisteem en is voortdurend besig om nuwe intervensiemetodes te evalueer ten einde optimale diens aan 'n diverse kliëntsisteem te verseker. Maatskaplike werkers moet poog om die uniekheid van die kliënt te verstaan en ook die gemeenskaplike ervaringe wat kliënte binne 'n kultuurgroep deel. Met betrekking tot multikulturele aanneming is dit eweneens belangrik dat maatskaplike werkers bewus is van hulle eie gevoelens rondom hierdie verskynsel alvorens die intervensieproses in aanvang neem.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Spesifieke vaardighede is nodig om hulp te verleen aan mense van 'n ander kultuur as dié van die maatskaplike werker en kennis omtrent die kultuur van die kliënt is onontbeerlik. Die westerse model van 'n gesin is nie die ervaring van baie kinders nie en kinders kan in baie verskillende gesinstrukture floreer. Maatskaplike werkers het dus 'n verantwoordelikheid om in die beste belang van die kind op te tree en ingeligte besluite aangaande die toekoms van kinders te neem.

Dit is voorts ook die verantwoordelikheid van die maatskaplike werker om kennis rondom die kultuur van die kind aan voornemende aanneemouers oor te dra en hulle bewus te maak van die kulturele agtergrond van die kind. Weereens kan hierdie proses slegs relevant wees indien die maatskaplike werker oor die nodige kulturele kennis omtrent die kliënt beskik en multikulturele intervensievaardighede bemeester het.

Die volgende afdeling vervat 'n uiteensetting van die resultate van die empiriese ondersoek waarby ouers wat reeds multikultureel aangeneem het, betrek is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 4

MULTIKULTURELE AANNEMING AS OPSIE VIR OUERLOSE KINDERS

4.1 INLEIDING

Met die verandering in die politieke klimaat in 1994, het dit vir ouerlose kinders moontlik geword om 'n permanente tuiste by ouers van 'n verskillende ras en kultuur as dié van hulleself, te vind. Hoewel verskeie internasionale studies oor die impak van multikulturele aanneming op die ontwikkeling van kinders reeds positiewe uitkomste aangedui het (Simon & Altstein, 2000; Melina, 1998; Curtis, 1996; Gaber & Aldridge, 1994), bestaan daar steeds onsekerheid oor hierdie verskynsel by maatskaplike werkers wat dienste aan Suid-Afrikaanse gemeenskappe lewer. Die navorser kon geen bestaande riglyne ten opsigte van multikulturele aanneming in Suid-Afrika opspoor nie en het ook weinig Suid-Afrikaanse literatuur oor hierdie onderwerp gevind.

Die waargenome leemte in multikulturele dienslewering in die algemeen en veral dan aan kinders en gesinne, is veral ontstellend as daar gelet word op die westerse intervensiemetodes wat met kinders en gesinne van diverse kulture gebruik word. McPhatter (1997:257) beklemtoon dat maatskaplike werkers intervensiemetodes moet implementeer wat met die tradisies en gebruike van die kultuur van die kliënt ooreenstem ten einde doelstellings te kan bereik.

Met betrekking tot multikulturele aanneming, moet die maatskaplike werker genoegsame kulturele kennis en vaardighede ontwikkel om ouers, wat ook die teikengroep van die studie is, voor te berei op die kulturele agtergrond van die kind wat hulle aanneem. Ondersteuners sowel as kritici van multikulturele aanneming beveel sterk aan dat multikulturele aanneemouers houdings, vaardighede en kennis moet opdoen wat hulle in staat sal stel om hulle kinders te

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

help om 'n positiewe rasidentiteit te ontwikkel en ook om moontlike rassisme die hoof te bied (Vonk, 2001:246).

Die bogenoemde standpunt het as basis van die ondersoek gedien en dit gerig. Die resultate van die empiriese ondersoek na die mate van kennis en kulturele vaardighede wat ouers en maatskaplike werkers benodig om kinders vanuit 'n ander kultuur aan te neem, sal vervolgens volledig bespreek word. Die resultate sal daarna aangewend word in die samestelling van riglyne vir maatskaplike werkers wat gemoeid is met multikulturele aannemings.

Die navorsingsmetodiek sal kortliks uiteengesit word waarna die resultate van die empiriese ondersoek sal volg.

4.2 AFBAKENING VAN DIE ONDERSOEK

Die ondersoek is geïnisieer deurdat die navorser tydens kontak met maatskaplike werkers onsekerheid met die uitvoering van multikulturele aannemings waargeneem het. Maatskaplike werkers in privaatpraktyk en ook maatskaplike werkers in welsynsorganisasies wat ingestem het om betrokke te raak by die navorsing, het ouerpare geïdentifiseer wat deel van die studie kan uitmaak. Alvorens die navorser per pos met die ouers kontak kon gemaak het, is toestemming deur die betrokke maatskaplike werkers van die ouerpare verkry en die beginsel van konfidensialiteit is aan hulle beklemtoon.

In belang van die uitvoerbaarheid van die studie, het die navorser die ondersoek rondom multikulturele aanneming tot die Wes-Kaap beperk. Al die respondente was ouerpare wat reeds een of meer kinders vanuit 'n ander kultuur aangeneem het en hulle kon dus terugvoer gee vanuit hulle eie ervaringsveld.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.3 DATA-INSAMELING EN DATAVERWERKING

Tydens die empiriese ondersoek is vraelyste per pos aan 28 respondente wat deur die betrokke maatskaplike werkers geïdentifiseer is, gestuur. Geadresseerde koeverte is by die vraelyste ingesluit om terugvoer te kontroleer en op te volg. In die formulering van die vrae is terminologie wat maklik verstaanbaar is gebruik en respondente moes hulle persoonlike ondervinding en ervaring gebruik om die vraelys in te vul.

Die posvraelys (Bylaag1) is gebaseer op die literatuurondersoek (hoofstukke 2 en 3) en die resultaat van die empiriese ondersoek het die formulering van 'n riglyn vir maatskaplike werkers tydens multikulturele aannemings ten doel gehad. Anonimiteit van die respondente is verseker en te alle tye gerespekteer.

Van die 28 vraelyste is daar 18 terug ontvang, waarvan almal bruikbaar was. Dit verteenwoordig 'n responskoers van 64% wat volgens Babbie en Mouton (2001:261) goed is. Die vraelyste is deur middel van Microsoft Office 2000 se Excel spreiblad verwerk en hoofsaaklik statisties weergegee.

4.4 RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK

Die resultate van die ondersoek sal vervolgens aan die hand van 'n bespreking, tabelle en figure weergegee word. Die vrae word in dieselfde volgorde bespreek as wat dit in die vraelys verskyn het.

4.4.1 Identifiserende besonderhede van aanneemgesinne

Alhoewel al die respondente in hierdie studie blank was, is dit toevallig en nie so geselekteer nie. Die ras van die aanneemouers en aangenome kinders is egter nie relevant vir die doel van die studie nie en daar sal dus nie hierop uitgebrei word nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit blyk uit die navorsing dat dit persone met 'n spesifieke profiel is wat kinders vanuit 'n ander kultuur aanneem en daar word dus vervolgens verwys na die ouderdom, inkom-steverspreiding en samestelling van dié gesinne.

4.4.1.1 Ouderdomsverspreiding van aanneemouers

Loopbane en pogings tot swangerskap het tot gevolg dat mense op 'n later stadium met 'n gesin begin as in die verlede. Die ouderdomsverspreiding van die respondente wat by die empiriese ondersoek betrek is weerspieël hierdie verskynsel en word in figuur 4.1 weergegee.



N=18

Figuur 4.1: Ouderdomsverspreiding

Hierdie resultate bevestig dus die bogenoemde verwagting en is dit beduidend dat 16 (88,9%) van die ouerpare wat kinders aangeneem het, bo 35 jaar oud is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.4.1.2 Inkomste van aanneemouers

Volgens die Witskrif vir Welsyn (1997:3) leef een derde (35,2%) van alle Suid-Afrikaanse gesinne en meer as die helfte (54%) van Suid-Afrika se kinders in armoede. Armoede in Suid-Afrika is nie beperk tot een rassegroep nie, maar die grootste konsentrasie kom voor by die swart bevolkingsgroepe. Hierdie tendens kan in verband gebring word met die groot getal swart kinders wat sorgbehoewend is, asook die groter beskikbaarheid van swart kinders vir aanneming (Wilson & Ramphele, 1989:19).

Ledderboge (2002:9) dui aan dat dit meesal wit ouerpare is wat kinders vanuit 'n ander kultuur aanneem. Die tekort aan potensiële swart aanneemouers wat nie geredelik beskikbaar is om die krisis van swart kinders wat binne die pleegsorgsisteem talm aan te spreek nie, kan dus onder andere daaraan toegeskryf word dat daar nie finansiële onafhanklikheid by die grootste deel van die swart bevolking is om addisionele kinders te versorg nie (Hollingsworth, 1999:445).

Die inkomste van die aanneemouers word vervolgens geïllustreer.



Figuur 4.2: Inkomsteverspreiding per jaar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Uit figuur 4.2 blyk dit dat die meerderheid ouers tussen R192 001 en R360 000 per jaar verdien wat 'n hoë inkomstegroep verteenwoordig.

4.4.1.3 Biologiese kinders in die gesin van aanneming

Tydens die keuring van multikulturele aanneemouers word die motief vir aanneming deeglik ondersoek. Vonk (2001:250) bevestig dat 'n verset teen rassisme en die regstelling van ongelykhede van die verlede nie 'n kindgesentreerde motivering om aan te neem is nie, maar dat kindgesentreerde motiverings fokus op die passing tussen die kind se behoeftes en die ouers se vermoë en begeerte om dit te bevredig. Ledderboge (2002:10) noem ook dat sommige middeljarige ouerpare wat reeds ouer kinders van hulle eie het, graag liefde en sorg aan 'n behoeftige kind wil bied en dus beskikbaar is om 'n kind vanuit 'n ander kultuur aan te neem.

In 'n poging om te bepaal in hoe 'n mate die behoefte aan 'n kind as motief vir aanneming gedien het, is vasgestel of die aanneemouers eie of biologiese kinders het.



N=18

Figuur 4.3: Aantal biologiese kinders

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Uit figuur 4.3 blyk dit dat aanneming 'n enigste moontlikheid op ouerskap vir 11 (61,1%) van die respondente was en dat die kleur van die baba irrelevant was. Figuur 4.3 dui ook aan dat drie (16,7%) respondente een biologiese kind het en twee (11,1%) respondente twee en drie biologiese kinders onderskeidelik het, wat die opinie van Ledderboge (2002:10), naamlik dat ouers kinders vanuit 'n ander kultuur aanneem ten einde liefde en sorg aan 'n behoeftige kind te gee, ondersteun.

4.4.1.4 Aangenome kinders in die huishouding

In enige gesin, hetsy biologies, aangenome of multikultureel, is die kwaliteit van emosionele versorging wat die baba of kind ervaar van diegene wat na hom of haar omsien, die essensie van ouersorg (Richards, 1994:86). Dit is ook belangrik of die kind sy ouers in die geheel ervaar as mense wat betroubaar en liefdevol is. Die kind sal sy ouers se versorgingskwaliteite internaliseer en dwarsdeur sy lewe voel asof hy of sy aan 'n gesin behoort. Richards (1994:86) beklemtoon dat hierdie sekuriteit wat ouers aan kinders verskaf, met die emosionele stabiliteit van die ouers en die vermoë om dit aan kinders oor te dra, te doen het en geen betrekking op hulle fisiese voorkoms het nie.

Multikulturele aanneming stel voortdurend nuwe eise aan 'n gesin en respondente is gevra om aan te dui hoeveel kinders vanuit 'n ander kultuur hulle reeds aangeneem het .

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



N=18

Figuur 4.4: Aantal aangenome kinders

Die resultate van hierdie vraag dui aan dat 15 (83,3%) van die respondente nog net een kind aangeneem het en dat drie (16,7%) reeds 'n tweede kind aangeneem het. 'n Moontlike verklaring vir die klein persentasie tweede aannemings kan wees dat die kinders nog baie jonk is, en aangesien multikulturele aanneming eers sedert 1994 in Suid-Afrika gewettig is en dié praktyk waarskynlik met verloop van tyd sal toeneem.

4.4.1.5 Ouderdom van die kinders tydens aanneming

'n Kind moet so gou as moontlik in sy aanneemhuis geplaas word om binding te bespoedig en om aanpassingsprobleme wat veral by ouer kinders mag voorkom, te verminder. Die ouderdom van plasing van kinders by aanneemouers is van kardinale belang wat dus meebring dat die aannemingsondersoek nie moet talm nie. Weiner en Kupermintz (2001:215) ondersteun die vinnige afhandeling van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aannemingsondersoeke en bevestig dat kinders wat spoedig by aanneemouers geplaas word, optimaal binne 'n gesinsopset funksioneer en met hulle nuwe versorgers bind.

Aangesien die ouderdom van kinders by aanneming 'n moontlike aanduiding van voornemende aanneemouers se voorkeure kan wees, is dit vervolgens bepaal.



n=21

Figuur 4.5: Ouderdom van kinders by aanneming

Uit figuur 4.5 blyk dit dat 13 (61,9%) kinders jonger as een maand oud was met aanneming en 'n verdere vyf (23,8%) was tussen een en twee maande oud. Hierdie resultaat kan daarop dui dat ouerpare verkies om babas eerder as ouer kinders aan te neem, al is dit dan vanuit 'n ander kultuur.

4.4.2 Aanneemouers se belewenis van die vaardigheid van maatskaplike werkers met betrekking tot multikulturele aanneming

Hierdie afdeling het ten doel gehad om vas te stel hoe die respondente huidige multikulturele dienslewering ervaar. Aangesien Suid-Afrika so lank blootgestel was aan segregasie, is die terrein van multikulturele aanneming relatief nuut en onontwikkeld. Effektiewe kulturele dienslewering behoort nagestreef te word ten

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

einde die behoeftes van die diverse Suid-Afrikaanse gemeenskappe aan te spreek.

4.4.2.1 Organisasie

Die onderstaande tabel gee 'n uiteensetting van die organisasies waardeur die aannemings gerealiseer het.

Tabel 4.1: Organisasie

	f	%
CMR	5	27,8
Pro Care	6	33,3
Privaat	7	38,9
TOTAAL	**18**	**100,0**

Die meeste aannemings naamlik 13 (72,2%), is toevallig deur privaat maatskaplike werkers behartig (Pro-Care en privaatpraktyke). Hierdie aanduiding mag dalk nie 'n korrekte weergawe van die praktyk wees nie, aangesien al die organisasies wat aannemings fasiliteer nie betrokke by die studie was nie.

4.4.2.2 Die maatskaplike werker se ingesteldheid teenoor multikulturele aanneming

Multikulturele aanneming in Suid-Afrika is 'n werklikheid. 'n Deurslaggewende faktor in die sukses van die plasing, is 'n objektiewe assessering van die voornemende aanneemouers deur die maatskaplike werker. Dit is dus belangrik dat maatskaplike werkers wat by multikulturele aannemings betrokke is, ook bewus is van hul eie waardes en houdings rondom hierdie verskynsel. Om te alle tye 'n werkswyse te implementeer wat relevant is tot die kultuur van die kliënt, moet die werker eerlik met hom- of haarself wees omtrent multikulturele intervensie. Die ingesteldheid van die maatskaplike werker teenoor multikulturele

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aanneming en kliënte se belewenis van die maatskaplike werker kan dus 'n aanduiding wees van die mate waartoe die maatskaplike werker kultureel vaardig is.

Die reaksie van respondente op die vraag oor die ingesteldheid van die maatskaplike werker tydens die aannemingsproses, gee slegs hul subjektiewe mening oor hulle eie ervaring weer en word in figuur 4.6 geïllustreer.



N=18

Figuur 4.6: Respondente se mening aangaande maatskaplike werker se ingesteldheid

Respondente se reaksie op hierdie vraag dui aan dat 15 (83,3%) respondente die ingesteldheid van die maatskaplike werkers wat die aannemingsproses gefasiliteer het, as *baie goed* ervaar het en drie (16,7%) respondente die maatskaplike werker as *bevredigend* ervaar het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.4.2.3 Kennis ten opsigte van multikulturele aannemings

Wetenskaplike *kennis* omtrent mense en hul individuele funksionering binne maatskaplike sisteme vorm die basis van intervensie. Om suksesvol tydens multikulturele intervensie te wees, moet maatskaplike werkers genoegsame kennis aangaande kulturele aspekte bekom en die nodige sensitiwiteit en vaardighede ontwikkel om hierdie kennis toe te pas (Lifschitz, Kgoadi & Van Niekerk, 1992:129). Kulturele kennis is onontbeerlik tydens die keuring van voornemende aanneemouers. Volgens die Wet op Kindersorg, (Wet 74 van 1983), is dit noodsaaklik dat die beginsel van die beste belang van die kind te alle tye gehandhaaf word. Alhoewel die kind nie noodwendig van dieselfde kulturele agtergrond as die van die ouers hoef te wees nie, is dit noodsaaklik dat die maatskaplike werker bewus sal wees van die kulturele agtergrond van dié kind asook die aanneemouers ten einde 'n besluit in die beste belang van die kind te neem.

Die evaluering van die maatskaplike werkers se kennis rondom multikulturele aannemings word in tabel 4.2 uiteengesit.

Tabel 4.2: Aanneemouers se belewenis van die maatskaplike werker se kennis aangaande kulturele aspekte

	f	%
Baie goed	10	55,5
Goed	7	38,9
Bevredigend	1	5,6
Swak	0	0,0
Totaal onvoldoende	0	0,0
TOTAAL	**18**	**100,0**

Uit tabel 4.2 kan afgelei word dat 10 (55,5%) respondente gevoel het dat die maatskaplike werker wat die aanneming gefasiliteer het *baie goed* ingelig was

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

rondom multikulturele aannemings, sewe (38,9%) respondente het die maatskaplike werkers as *goed* geëvalueer en een (5,6%) respondent het die maatskaplike werker as *bevredigend* ervaar. Alhoewel die respondente se mening aangaande die maatskaplike werker se kennis omtrent kulturele aspekte op subjektiewe waarneming berus, is hul belewenis daarvan tog uiters relevant.

4.4.2.4 Ingeligtheid van die maatskaplike werker ten opsigte van kulturele aspekte

Green en Leigh (1989:8) noem dat dit al hoe meer noodsaaklik is vir maatskaplike werkers om kennis omtrent diverse etniese groepe te verkry ten einde 'n akkurate assessering van die kliënt se probleem te kan maak. Congress (1997:275) voeg by dat 'n maatskaplike werker wat binne 'n multikulturele opset hulp verleen, kennis moet dra van die verband tussen die gesin of individu se kultuur en die metodes van intervensie, ten einde positiewe resultate te verseker. Neukrug (2002:142) bevestig dat maatskaplike werkers wat met kulturele aspekte vaardig is, bewus is van sosiopolitieke aangeleenthede, kennis dra van die struikelblokke in welsynsorganisasies wat kliënte van diverse kulture verhinder om optimale voordeel van dienste te ontvang en ook spesifieke kennis het oor kliëntsisteme se kulturele- en etniesegroeperings.

Ten opsigte van multikulturele aanneming is dit belangrik om vertroud te wees met die kultuur van die aanneemouers en met dié van die aangenome kind ten einde die ouers vroegtydig voor te berei en toe te rus vir moontlike struikelblokke soos rassisme wat mag ontstaan. Maatskaplike werkers moet poog om begrip te toon vir die uniekheid van die kliënt en ook die gemeenskaplike ervaringe wat kliënte binne 'n kultuurgroep deel (Neukrug, 2002:157).

Soos by die vorige twee vrae is die terugvoer van respondente ten opsigte van die ingeligtheid van die maatskaplike werker rondom kulturele aspekte van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aanneming, slegs 'n aanduiding van hulle persoonlike ervaring van die maatskaplike werker.



N=18

Figuur 4.7: Maatskaplike werker se ingeligtheid rondom kulturele aspekte

Alhoewel agt (44,4%) respondente se ervaring *baie goed* en drie (22,2%) respondente *goed* was rondom die ingeligtheid van die maatskaplike werker rakende die kulturele aspekte van hulle aaneming, was daar egter ses (33,4%) respondente wat van mening was dat die maatskaplike werker slegs *bevredigend* was soos aangedui in figuur 4.7. Hierdie ervaring dui daarop dat maatskaplike werkers moontlik spesifieke kennis rondom multikulturele aanneming benodig of nie genoegsaam oor etnisiteit in die algemeen ingelig is nie. McPhatter (1997:275) beklemtoon dat meeste maatskaplike werkers en opvoedkundiges hulleself baie meer effektief en vaardig in multikulturele intervensie ag as wat hulle in werklikheid is. Hierdie valse persepsies wat in die weg staan van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

eintlike werk wat gedoen moet word om effektiwiteit in intervensie met kinders en gesinne van ander kulture te bereik.

4.4.2.5 Ondersteuningsnetwerk van aanneemouers

Die Wet op Kindersorg, Wet 74 van 1983, vereis dat maatskaplike werkers tydens die keuringsproses aandag moet skenk aan die gemeenskap waar voornemende aanneemouers woon, asook die uitgebreide familie en vriendekring. Respondente is deur middel van 'n oop vraag gevra van watter persone of instansies hulle tans ondersteuning geniet. Hierdie geleentheid is deur 15 van die 18 respondente benut. Die oorgrote meerderheid respondente het genoem dat hulle baie ondersteuning van hulle familie ontvang. Heelwat respondente het gesê dat hulle aangenome kinders aanvaar word asof dit hulle eie kind is en 'n ander opmerking was dat hulle aangenome kind onvoorwaardelik aanvaar word deur familie. Hierdie response dui daarop dat die uitgebreide familie as ondersteuningsnetwerk goed benut word en ook dat hulle deel was van die keuringsproses.

Respondente het voorts aangedui dat hulle baie ondersteuning van vriende geniet. Daar word op 'n gereelde basis gesosialiseer met vriende wat ook 'n kind vanuit 'n ander kultuur aangeneem het en gemeenskaplike belange word dus gedeel. Tien ouers behoort ook aan 'n ondersteuningsgroep wat op 'n maandelikse basis byeenkom. Terugvoer was dat hierdie byeenkomste hulle taak vergemaklik en baie belangrik is vir die opvoeding van hulle kinders. Die respondente se reaksie op hierdie vraag stem dus ooreen met die literatuur waar Hancock (1997:76) noem dat woonbuurt- en gemeenskapsprofiele, insluitende sosiodemografiese inligting en 'n uitgebreide kennis van die woonbuurt se hulpbronne 'n groot rol speel tydens die keuring van voornemende aanneemouers.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Slegs vier (22,2%) respondente het aangedui dat hulle maatskaplikewerk-ondersteuning geniet soos wat hulle dit nodig het. Alhoewel hierdie vraag fokus op die huidige ondersteuningsnetwerk van die respondente, kan aanvaar word dat maatskaplike werk ondersteuning beskikbaar sal wees indien daar moontlike probleme ontstaan. Die volgende vraag is gerig op die respondente se behoefte aan aanvullende ondersteuning.

4.4.2.6 Aanneemouers se behoefte aan aanvullende ondersteunig

Soos reeds genoem (sien 4.4.2.5) speel die informele ondersteuningsnetwerk 'n groot rol by ouers wat kinders aangeneem het. Respondente is gevra om aan te dui of hulle aanvullende ondersteuning verlang rondom aspekte van hulle aanneming en die resultate word in figuur 4.8 aangedui.



N=18

Figuur 4.8: Behoefte aan aanvullende ondersteuning

Volgens Hancock (1997:76)is formele, burgerlike en informele hulpbronne noodsaaklik vir die vorming van 'n ondersteuningsnetwerk vir aanneemouers en woonbuurt- en gemeenskapsprofiele, insluitende sosio-demografiese inligting en 'n uitgebreide kennis van die woonbuurt se hulpbronne is onontbeerlik. Werkers

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

laat dikwels na om belangrike hulpbronne wat by kerke en ander gemeenskapsgebaseerde programme beskikbaar is en wat 'n lang geskiedenis en teenwoordigheid in die buurt het, te benut.

Die grootste meerderheid van die respondente 15 (83,3%) het aangedui dat hulle geen verdere ondersteuning benodig nie. Hierdie resultaat is bevestigend dat die informele ondersteuningsnetwerk in 'n gemeenskap en kontak met persone wat ook 'n kind vanuit 'n ander kultuur aangeneem het, van groot waarde is. Maatskaplike werkers behoort dus te poog om sover moontlik hierdie informele ondersteuningsnetwerk aan te moedig en in stand te hou deur geleenthede te skep waar ouers op 'n gereelde basis bymekaar kan kom en aangeleenthede rakende die opvoeding van hulle kinders bespreek.

Die drie (16,7%) respondente wat aangedui het dat hulle wel maatskaplikewerk-ondersteuning benut, behoort vervolgens die nodige leiding van die maatskaplike werker te ontvang rakende die opvoeding van hulle kinders.

Die volgende afdeling se fokus is op spesifieke kennis en vaardighede wat ouers benodig om kinders vanuit 'n ander kultuur aan te neem.

4.4.3 Kennis en vaardighede wat ouers benodig om kinders vanuit 'n ander kultuur aan te neem

Simon en Altstein (2000:150) noem dat maatskaplike werkers kennis en vaardighede nastreef om gepaste intervensie toe te pas, waar ouers poog om kennis en vaardighede te ontwikkel wat leiding, koestering en ondersteuning van hulle kinders tot gevolg het. Veral tydens multikulturele aanneming is dit dus nodig om spesifieke vaardighede te ontwikkel om te verseker dat die behoeftes van hulle kinders aangespreek word en dat hulle kinders steeds sekuriteit ervaar, al verskil hulle in voorkoms van hulle aanneemouers.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Om die respondente se vaardighede en kennis ten opsigte van multikulturele aspekte te bepaal, is sewe areas ten opsigte van hierdie onderwerp gedek en sal vervolgens bespreek word.

4.4.3.1 Kundigheid ten opsigte van multikulturele aspekte

Ondersteuners sowel as kritici van multikulturele aanneming beveel sterk aan dat ouers houdings, vaardighede en kennis moet verwerf wat hulle in staat sal stel om hul kinders te help om 'n positiewe rasidentiteit aan te leer en om in 'n rassistiese samelewing te oorleef (McRoy, 1994:65). Ouers wat dus daarna streef om kultureel vaardig te wees, moet spesifieke houdings, kennis en vaardighede bemeester ten einde die unieke kulturele behoeftes van hulle kinders aan te spreek (McPhatter, 1997:261).

Respondente is in 'n oop vraag gevra om aan te dui hoe ingelig en kundig hulle vóór en ná die aanneming aangaande multikulturele aspekte was. Al die respondente het gereageer op die vraag en 12 (66,6%) persone het aangedui dat hulle *geensins* of *baie min* kultureel vaardig voor die aanneming was. Daar was ook respondente wat aangedui het dat hulle literatuur en inligting by die maatskaplike werker gekry het omtrent kulturele aspekte.

Respondente was dit eens dat kulturele vaardighede na die aanneming van hulle kinders baie verbeter het. Terugvoer van een persoon was dat hulle gesin baie geleer het deur kontak met persone van dieselfde kultuur as dié van hulle aangenome kind. Dit sluit aan by Devore en Schlesinger (1996:43) se mening dat kontak en ervaring met mense van ander kulture die bewustheid van 'n eie rasidentiteit en kultuur bevorder.

Vier respondente het genoem dat hulle baie eerstehandse ondervinding opgedoen het deur die hantering van persoonlike ervaringe en insidente. Ouers mag situasies in die gesig staar waaraan hulle nog nie voorheen blootgestel was

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie, soos byvoorbeeld kinders wat hulle voorkoms wil verander om met dié van die ouers te konformeer (McRoy & Grape, 1999:677). Melina (1998:213) noem dat die verantwoordelikhede van ouers insluit om kinders te help om trots te ontwikkel vir hulle rasidentiteit, sowel as om vaardighede om rassisme die hoof te bied, by hulle kinders te ontwikkel. Om begrip en respek vir die kind se ras te ontwikkel, is dit nodig om bekend te wees met die geskiedenis en kultuur van die kind (Vonk, 2001:250).

Maatskaplike werkers het 'n verantwoordelikheid gedurende die fasilitering van multikulturele aannemings om toe te sien dat ouers toegerus word met die nodige kulturele vaardighede om optimale sorg vir hulle aangenome kinders te verseker. Dit is voorts nodig om te besef dat die kind se behoeftes rakende ras meer verantwoordelikheid van ouers sal vereis en dat leiding en voorbereiding in hierdie area prioriteit moet geniet.

4.4.3.2 Aanpassing van gesinne na 'n aanneming

Ouers moet bewus wees daarvan dat multikulturele aanneming gesinne tot stand bring wat sigbaar van die meeste ander gesinne verskil. Die gesinne is vir altyd multikultureel en nie immuun teen vooroordele of rassisme teenoor ouers of kinders nie. Multikulturele ouerpare wat sensitief en bewus is van ras, etnisiteit en kultuur, is meer daartoe in staat om hulle kinders met verbandhoudende aangeleenthede te help. Rassebewustheid mag ouers ook help om die belangrikheid van hulle kind se ras te erken en om die kind se identifikasie met sy eie ras te bevorder (Vonk, 2001:251).

Curtis (1996:162) noem voorts dat dit nodig is vir multikulturele aanneemouers om bewus te wees van die rol wat ras, etnisiteit en kultuur in die lewe van ander speel en meer spesifiek die rol wat dit in die lewens van die kinders wat hulle aanneem speel. McRoy (1994:69) dui aan dat dit noodsaaklik is om te erken dat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die kind se ras verskillend is as die van die ouers eerder as om dit te ontken of op te tree asof ras nie van belang is nie.

In die huidige ondersoek het die respondente positief gereageer ten opsigte van 'n vraag oor hul aanpassing.

Tabel 4.3: Gesinsaanpassing

	f	%
Baie goed	17	94,4
Redelik goed	1	5,6
Gemiddeld	0	0,0
Problematies	0	0,0
Baie problematies	0	0,0
TOTAAL	**18**	**100,0**

Uit Tabel 4.3 blyk dit dat 17 (94,4%) van die respondente se gesinne baie goed aangepas het na die aanneming. Respondente het geleentheid gekry om hulle antwoord te motiveer en die meeste het genoem dat hulle aangenome kind onmiddellik aanvaarding geniet het en dat die verskil in kleur geen rol vir die gesinslede gespeel het nie. Een respondent het aangedui dat die aanpassing rondom die aanneming verband gehou het met die nuwe baba wat die huishouding bygekry het en nie met die kleur van die baba nie.

Binne Suid-Afrika wat so lank aan segregasie blootgestel was, is dit dus nodig om 'n begrip van gesinne binne verskillende kulture te vorm. Elke lid van 'n gesin moet in ag geneem word - die individu binne 'n klein groep en die kultuur van die verskillende lede moet in verband gebring word met die funksionering van die gesin as 'n geheel (Ingoldby & Smith, 1995:7).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.4.3.3 Reaksie van familie ten opsigte van multikulturele aanneming

Aangesien geen individu of gesin as 'n sisteem op sy eie funksioneer nie, is die reaksie van die uitgebreide familie baie belangrik en vervolgens ondersoek.

Tabel 4.4: Aanpassing van familie

	f	%
Sterk ondersteunend	14	77,7
Begrypend	3	16,7
Empaties	0	0,0
Afsydig	0	0,0
Problematies	1	5,6
TOTAAL	**18**	**100,0**

Ingoldsby en Smith (1995:6) meen dat 'n gesin 'n groep verwante persone in verskillende gesinsposisies is, soos 'n man en vrou, ouer en kind of tante en niggie, wat funksies vervul wat nodig is vir oorlewing, byvoorbeeld reproduksie, sosialisering en emosionele gratifikasie. Elke lid van 'n gesin se situasie moet ook geassesseer word met in agneming van die individu binne 'n klein groep en die kultuur van die verskillende lede moet in verband gebring word met die funksionering van die gesin as 'n geheel (Ingoldby & Smith, 1995:7).

Die terugvoer op hierdie vraag is bevestigend vir die response wat in vraag 4.4.2.5 verkry is waar die meerderheid respondente aangedui het dat hulle familie baie ondersteuning verskaf ten opsigte van hulle aangenome kinders. Respondente het weer geleentheid gekry om hulle antwoorde te motiveer deur middel van 'n oop vraag.

Terugvoer van 13 (72,2%) respondente is dat hulle families deel in die blydskap en opgewondenheid oor die kinders wat hulle aangeneem het. Daar is egter een respondent wat aangedui het dat hulle familie baie rassisties is en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bevooroordeeld teenoor die aanneming is. Die spesifieke familie woon nie naby die respondente nie en daar is minimale kontak. Voorts het twee respondente aangedui dat hulle familie oorsee is, maar dat daar tog kontak is en dat hulle aangenome kinders oorsee gaan kuier het. Nog twee respondente het genoem dat hulle familie se houding baie verbeter het namate hulle meer by die kind betrokke geraak het en dat hulle dit al hoe makliker hanteer en aanvaar.

4.4.3.4 Optrede van vriende ná multikulturele aanneming

Alhoewel ervaring binne die kultuur van die aanneemouers konstant is, moet ouers van multikulturele aangenome kinders geleenthede skep waar die kind blootgestel kan word aan sy of haar geboortekultuur. Sulke geleenthede kan wissel van 'n literatuurstudie oor die kultuur van die kind, of by kinders wat meer eksperimenteel is, om tyd te spandeer by gesinne wat van dieselfde geboortekultuur as dié van die kind is (Vonk, 2001:251). Huh en Reid (2000:77) glo dat aanneemouers wat geïnteresseerd is in en aktiewe deelname aan die geboortekultuur van hulle kinders aanmoedig, meesal kinders sal hê wat betrokke en gemaklik met hul kultuur sal wees.

'n Multikulturele vriendekring is dus belangrik soos wat dit bespreek is by punt 4.4.2.5 en die respondente se terugvoer in die verband word vervolgens uiteengesit in tabel 4.5.

Tabel 4.5: Optrede van vriende

	f	%
Sterk ondersteunend	16	88,9
Begrypend	2	11,1
Empaties	0	0,0
Afsydig	0	0,0
Problematies	0	0,0
TOTAAL	**18**	**100,0**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die meerderheid respondente, naamlik 16 (88,9%), het aangedui dat hulle vriende se reaksie na die aanneming *sterk ondersteunend* was. Die respondente het hulle antwoorde gemotiveer deur middel van 'n oop vraag. Terugvoer van respondente was onder andere:

" We have experienced such love and help and time from friends as I have never seen."
"Al ons vriende dink dit is 'n wonderlike ervaring en daad wat 'n mens jou lewe mee kan verryk."
"Our friends have nothing but respect, love and happiness for us."

Dit was insiggewend dat die meerderheid aangetoon het dat hulle vriende multikultureel was en ook dat hulle tyd spandeer met ouerpare wat ook kinders vanuit 'n ander kultuur aangeneem het. Niemand het aangetoon dat die kleur van hulle kind ongemak binne hulle vriendekring veroorsaak het nie.

4.4.3.5 Gemeenskap se belewenis en gesindheid teenoor multikulturele aanneming

Die area waar voornemende aanneemouers woon, speel 'n groot rol tydens die multikulturele keuringsproses. Soos voorheen genoem, is woonbuurt- en gemeenskapsprofiele, insluitende sosiodemografiese inligting en 'n uitgebreide kennis van die woonbuurt se hulpbronne onontbeerlik (Hancock, 1997:76).

Die ervaring van die respondente ten opsigte van die gemeenskap waar hulle woon, word vervolgens in figuur 4.9 geïllustreer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Figuur 4.9: Gesindheid van gemeenskap

Uit figuur 4.9 kan afgelei word dat respondente redelik verskillende ervaringe aangaande die gemeenskappe waar hulle woon beleef. Alhoewel die meerderheid respondente 14 (77,6%) die gemeenskappe waar hulle woon as *begrypend* en *sterk ondersteunend* beskryf het, is daar tog diegene wat *afsydigheid* ervaar en een respondent wat die gemeenskap beskryf as *problematies*.

Die vraelys het ruimte gelaat vir die respondente om hulle vrae te motiveer. Die respondente wat die gemeenskap as begrypend en ondersteunend ervaar het, het genoem dat hulle in aanraking is met verskillende kultuurgroepe in die area waar hulle woonagtig is. Twee respondente het ook genoem dat hulle die kleurlinggemeenskap baie meer ondersteunend ervaar as die blankes. Die respondent wat die gemeenskap as problematies ervaar het, het genoem dat hulle gereeld rassistiese aanmerkings hoor as hulle dorp toe gaan en dat die spesifieke area nog nie baie blootstelling aan ander rassegroepe gehad het nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die bogenoemde resultate is in ooreenstemming met die literatuur waar Thomas en Wilcox (1987:81-102) argumenteer dat gesinne varieer afhangende van ras, etnisiteit en kultuur. Variasies in gesinstruktuur, funksies en interaksies word dikwels nie verstaan nie, omdat alle gesinne in die algemeen aan die wit middelklas kerngesin model gemeet word, eerder as aan hulle uniekheid binne 'n historiese agtergrond.

4.4.3.6 Noodsaaklikheid van kontak met die kultuurgroep van die kind

Volgens Vonk (2001:250) is dit nodig om bekend te wees met die geskiedenis en kultuur van die kind ten einde begrip en respek vir sy of haar ras te ontwikkel. Multikulturele ouerpare wat sensitief en bewus is van ras, etnisiteit en kultuur, is meer daartoe in staat om hulle kinders met verbandhoudende aangeleenthede te help. Rassebewustheid mag ouers ook help om die belangrikheid van hulle kind se ras te erken en om die kind se identifikasie met sy eie ras te bevorder (Vonk, 2001:251).

Figuur 4.10 dui die belangrikheid van kontak met die kultuurgroep van die kinders aan.



N=18

Figuur 4.10: Belang van kontak met kultuurgroep

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die huidige ondersoek toon dat daar redelik verdeeldheid is aangaande kontak met die kultuurgroep van die kind. Nege (50%)respondente het aangetoon dat kontak *redelik belangrik, baie belangrik* of *essensieel* is, terwyl die res aangetoon het dat kontak *min belangrik* of *onnodig* is.

Die respondente wat kontak as onnodig of minder belangrik beskou, het aangedui dat hulle kind vanuit 'n kulturele agtergrond afkomstig is wat nie substansieel van hulle eie kultuur verskil nie en dat hulle dus instaat is om genoegsaam in hulle kind se kulturele behoeftes te voorsien. 'n Verdere verduideliking kan wees dat hulle dalk daarop ingestel is om die andersheid van hulle kind te ontken en met hulle kind identifiseer asof dit hulle biologiese kind is.

4.4.3.7 Konfrontasie met rassisme

Ouers wat multikulturele aanneemkinders het, mag rassisme moontlik moeiliker verwerk omdat hulle in die verlede minder daaraan blootgestel was as gevolg van Suid-Afrika se geskiedenis van rasseskeiding (Vonk, 2001:251). Alhoewel elke situasie en gesin verskillend is, moet kinders geleer word om uiting te gee aan hulle gevoelens rondom rassisme. Ouers moet in staat wees om hulle kinders se gevoelens van woede en seerkry te hanteer en die boodskap oor te dra dat rassisme nie aanvaarbaar is nie, om sodoende te verhoed dat die kind die blaam vir 'n onregverdige situasie dra (Vonk, 2000:252).

Die vraag is aan die respondente gestel of hulle van mening is dat hulle kinders moontlik gekonfronteer mag word met situasies of voorvalle wat met rassisme verband hou (bv. opmerkings of verwerping as gevolg van sy of haar verskil in voorkoms) en dat hulle 'n motivering vir hulle antwoord moet verskaf. Die resultate word in figuur 4.11 aangedui.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



N=18

Figuur 4.11: Konfrontasie met rassisme

Die meerderheid respondente, naamlik 11 (61,1%), het aangetoon dat hulle wel antisipeer dat hulle kinders op een of ander stadium met rassisme gekonfronteer sal word. Die motivering van die meeste respondente was dat rassisme aan hulle kinders verduidelik moet word en dat hulle moet leer om steeds 'n positiewe selfbeeld te behou ten spyte daarvan. Daar was ook 'n opmerking dat rassisme deel is van die samelewing en dat enige persoon van enige ras daaraan blootgestel kan word.

Een respondent was ook van mening dat die vraagteken rondom multikulturele aanneming baie meer te doen het met 'n verskil in klas eerder as die verskil in kultuur en dat mense baie stadig van opinie verander. Volgens hierdie respondent, wat aangedui het dat hy of sy 'n liberale agtergrond het, is dit dus noodsaaklik om kinders voor te berei op rassisme deur die voorbeeld en ondersteuning wat hulle van hulle ouers kry. Ondersteuning vir hierdie siening is deur 'n verdere twee respondente verskaf.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die response dui daarop dat die aanneemouers bewus is van moontlike rassisme, maar dit nie as 'n onoorkomelike struikelblok in die opvoeding van hulle aangenome kinders beskou nie.

4.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is verslag gedoen oor die resultate van die empiriese ondersoek. Die resultate van die empiriese ondersoek is 'n bevestiging van dit wat die navorser in die teoretiese verkenning gevind het aangaande multikulturele aanneming, naamlik dat multikulturele intervensie en ook die aanleer van kulturele vaardighede deur beide maatskaplike werkers en ouers wat 'n kind vanuit 'n ander kultuur aangeneem het, van kardinale belang is.

Gevolgtrekkings en aanbevelings aan die hand van die resultate van die empiriese ondersoek, word in die volgende hoofstuk aangebied. Die aanbevelings wat gemaak word sal in die vorm van riglyne wees ten einde die doel van die navorsing te bereik, naamlik die samestelling van riglyne vir maatskaplike werkers tydens multikulturele aannemings.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 5

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDING

Hierdie ondersoek aangaande multikulturele aannemings, het gespruit uit die leemte wat daar in die maatskaplikewerk-professie geïdentifiseer is, naamlik dat daar geen riglyne vir die fasilitering van hierdie relatief nuwe verskynsel in Suid-Afrika is nie. Multikulturele aanneming het eers sedert 1994 'n opsie vir ouerlose kinders geword om in permanente ouerhuise geplaas te word en as gevolg van die realiteit van rasseskeiding van die verlede is maatskaplike werkers nooit gekonfronteer met sodanige situasies nie.

Vanuit die teoretiese verkenning het dit duidelik na vore gekom dat ouerpare wat kinders vanuit 'n ander kultuur aanneem spesifieke vaardighede en kwaliteite benodig om in die behoeftes van hulle kinders te voorsien. Tydens die keuring van voornemende aanneemouers is dit dus vir die maatskaplike werker baie belangrik om bewus te wees van hierdie spesifieke kulturele vaardighede wat ouers benodig, ten einde 'n kindgesentreerde plasing te kan doen. Maatskaplike werkers benodig voorts 'n bewustheid van die verskil tussen kulture om aan ouers inligting en leiding te gee ten opsigte van die kind wat hulle wil aanneem.

'n Verkennende studie is onderneem om die huidige metodes van intervensie met multikulturele gesinne, asook die vaardighede wat maatskaplike werkers benodig vir 'n suksesvolle multikulturele aanneming, te ondersoek. Hiermee is die eerste twee doelwitte van die ondersoek aangespreek, naamlik om die huidige raamwerk waarbinne aannemings gedoen word, te ontleed en te beskryf en om 'n praktykperspektief, asook die konsep van multikulturele intervensie te verken. Respondente se mening oor feite wat vanuit die teoretiese ondersoek verkry is, is aan die hand van 'n vraelys wat kwalitatief en kwantitatief saamgestel is, getoets.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In hierdie hoofstuk word die gevolgtrekkings waartoe die navorser gekom het aangaande multikulturele aannemings in Suid-Afrika geformuleer en dit word gevolg deur aanbevelings wat daaruit voortspruit.

5.2 GEVOLGTREKKINGS

Die volgende gevolgtrekkings is gebaseer op die bevindinge van die ondersoek.

5.2.1 Profiel van aanneemouers

Dit blyk uit die ondersoek dat ouerpare wat kinders vanuit 'n ander kultuur aanneem, meesal bo 35 jaar oud is. Die eise wat aanneming stel sal dus moontlik beter hanteer kan word as gevolg van volwassenheid en lewens-ervaring. Hierdie kenmerk van volwassenheid is belangrik by ouers wat kinders vanuit 'n ander kultuur aanneem, omdat hulle moontlik gekonfronteer sal word met moeiliker lewenssituasies soos byvoorbeeld rassisme, wat sensitiwiteit en insig verg om te hanteer.

Voorts blyk dit uit die studie dat aanneemouers bo R192 0001 per jaar verdien en dus grotendeels in die hoë inkomste kategorie val. Die materiële behoeftes en eise wat die opvoeding van kinders verg, kan vervolgens met redelike gemak bekostig word.

Kinders is hoofsaaklik as babas aangeneem wat daarop dui dat die respondente se motief moontlik was om 'n kind van hulle eie te hê, ongeag van die ras van die kind. Dit het sterk na vore gekom in die empiriese ondersoek dat die ras van die kind vir die ouerpare onbelangrik was en dat hulle die kinders as hulle eie beskou.

Die respondente wat biologiese kinders het se kinders was reeds heelwat ouer en onverdeelde aandag kon aan die baba geskenk word. Die afleiding kan dus

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hier gemaak word dat sulke ouers middeljarig is en graag liefde en sorg aan 'n behoeftige kind wou bied wat korreleer met die literatuurondersoek aangaande die motief vir aanneming van voornemende aanneemouers.

5.2.2 Vaardighede wat maatskaplike werkers benodig om multikulturele aannemings te fasiliteer

Ten einde die behoeftes van diverse Suid-Afrikaanse gemeenskappe aan te spreek behoort effektiewe kulturele dienslewering nagestreef te word. 'n Deurslaggewende faktor in die sukses van 'n aanneming, is die mate van kulturele vaardigheid wat die maatskaplike werker bemeester het om sodoende 'n objektiewe assessering van die voornemende aanneemouers te kan doen.

Om te alle tye 'n werkswyse te implementeer wat relevant is tot die kultuur van die kliënt, moet die werker eerlik met hom-of haarself wees omtrent multikulturele aanneming. Dit is dus belangrik dat maatskaplike werkers wat by multikulturele aannemings betrokke is, ook bewus is van hulle eie waardes rondom hierdie verskynsel. Uit die empiriese ondersoek het dit na vore gekom dat die respondente die betrokke maatskaplike werkers se ingesteldheid rakende multikulturele aanneming as sterk ondersteunend en empaties ervaar het. Hierdie resultate is 'n waarskynlike aanduiding dat die maatskaplike werkers die proses van multikulturele aanneming met oortuiging gefasiliteer het.

Dit is voorts noodsaaklik dat die maatskaplike werker bewus sal wees van die kulturele agtergrond van die kind en aanneemouers om 'n besluit in die beste belang van die kind te neem. Die literatuurstudie het aan die lig gebring dat maatskaplike werkers kennis ten opsigte van die kultuur van die kliëntsisteem moet bekom en intervensie daarvolgens moet rig. Ten opsigte van multikulturele aanneming is dit belangrik om vertroud te wees met die kultuur van die aanneem kind, ten einde die ouers vroegtydig voor te berei en toe te rus vir die eiesoortige kulturele behoeftes van die kind. Respondente het tydens die uitvoering van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

empiriese ondersoek aangedui dat hulle die maatskaplike werkers se kennis aangaande kulturele aspekte grotendeels as positief ervaar het, maar 33,4% het ook aangedui dat hulle ervaring van die maatskaplike werker slegs bevredigend was. Alhoewel die respondente se mening subjektief is, is hulle ervaring tog van belang en die resultate 'n aanduiding dat skoling vir maatskaplike werkers ten opsigte van kulturele kennis en ingeligtheid nodig is.

5.2.3 Kennis en vaardighede wat ouers benodig om kinders vanuit 'n ander kultuur aan te neem

Maatskaplike werkers poog om kennis en vaardighede na te streef om gepaste intervensie toe te pas, waar ouers poog om kennis en vaardighede te ontwikkel wat leiding, koestering en ondersteuning van hulle kinders tot gevolg het. Veral tydens multikulturele aanneming is dit dus vir ouers nodig om spesifieke vaardighede te ontwikkel om te verseker dat die behoeftes van hulle kinders aangespreek word en dat hulle kinders steeds sekuriteit ervaar, al verskil hulle in voorkoms van hulle aanneemouers.

Ouers moet houdings, vaardighede en kennis verwerf wat hulle in staat sal stel om hul kinders te help om 'n positiewe rasidentiteit aan te leer en om in 'n rassistiese samelewing te oorleef. Rassebewustheid mag ouers ook help om die belangrikheid van hulle kind se ras te herken en om die kind se identifikasie met sy eie ras te bevorder. Respondente in die ondersoek het beslis aangedui dat tyd spandeer word met persone wat ook kinders vanuit 'n ander kultuur aangeneem het en dat die gemeenskappe waar hulle woon geleentheid skep vir sosialisering met ander kulture. Hierdie aanduidinge is aanduidend vir die grotendeelse aanvaarding van die gesinne deur vriende en die gemeenskap waar hulle woon.

Die literatuurondersoek het aan die lig gebring dat dit nodig is vir multikulturele aanneemouers om bewus te wees van die rol wat ras, etnisiteit en kultuur in die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

lewe van ander speel en meer spesifiek die rol wat dit in die lewens van die kinders wat hulle aanneem speel. Dit is noodsaaklik is om te erken dat die kind se ras verskillend is as dié van die ouers eerder as om dit te ontken of op te tree asof ras nie van belang is nie. Aanneemouers wat geïnteresseerd is in en aktiewe deelname aan die geboortekultuur van hulle kinders aanmoedig, se kinders behoort meesal betrokke en gemaklik met hulle kultuur te wees. Uit die empiriese ondersoek het na vore gekom dat respondente wel die waarde van kontak met persone van dieselfde kultuur as hulle aangenome kind besef en pogings aanwend om eerlik met die kind te wees rondom sy of haar kulturele agtergrond. Diegene wat kontak met die kultuur van die kind as minder belangrik beskou het, is moontlik van mening dat die kind se kulturele agtergrond nie daadwerklik van hulle eie kultuur verskil nie.

Ouers wat dus daarna streef om kultureel vaardig te wees, moet spesifieke houdings, kennis en vaardighede bemeester ten einde die unieke kulturele behoeftes van hulle kinders aan te spreek, soos wat die empiriese bevindinge van hierdie studie ook beklemtoon.

5.2.4 Algemeen

Na afloop van hierdie studie het die navorser aangetoon dat multikulturele aanneming 'n moontlike opsie vir ouerlose swart kinders is. Met die nodige leiding en ondersteuning van kultuurvaardige maatskaplike werkers kan permanente, liefdevolle tuistes aan kinders verseker word.

Aangesien die bevindinge van die ondersoek deur die teoretiese verkenning ondersteun word, is die gevolgtrekkings van hierdie ondersoek ook van toepassing op voornemende aanneemouers wat nie deel van hierdie ondersoek was nie en ook ander welsynsorganisasies en maatskaplike werkers wat spesialiseer in maatskaplike werk.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.3 AANBEVELINGS

Na aanleiding van die empiriese ondersoek en die gevolgtrekkings wat daaruit vloei, maak die navorser die volgende aanbevelings.

5.3.1 'n Beleidsraamwerk ten opsigte van multikulturele aannemings binne organisasies

Dit word aanbeveel dat die beleidsraamwerk van organisasies betrokke by multikulturele aanneming die volgende uitgangspunte sal hê:

- Dat riglyne sal geld soos vir alle aannemings, maar dat spesifieke aanvullende informasie en leiding rondom multikulturele aannemings beskikbaar sal wees.

- Indien multikulturele aanneming 'n opsie vir ouerlose swart kinders is, die belange van die kind deurentyd prioriteit sal geniet.

- Dat daar voortdurend vernuwing van intervensieprogramme sal geskied wat voornemende aanneemouers die geleentheid bied om kulturele vaardighede aan te leer, ten einde die kulturele behoeftes van hulle kinders aan te spreek.

- Dat die gereelde aanbieding van werkswinkels en seminare vir aanneem-ouers sal realiseer ten einde kontak tussen gesinne wat kinders vanuit 'n ander kultuur aangeneem het te bevorder, asook om gemeenskaplike probleme aan te spreek en sodoende die informele ondersteunings-netwerk in stand te hou.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.3.2 Riglyne vir maatskaplike werkers vir die fasilitering van multikulturele aanneming

Op grond van die bevindinge en gevolgtrekkings ten opsigte van multikulturele aanneming, beveel die navorser die volgende aan:

- Dat maatskaplike werkers 'n doelbewuste poging sal aanwend om kulturele vaardighede te bemeester deur voortdurend werkswinkels en seminare oor multikulturele intervensie by te woon, ten einde die behoeftes van 'n diverse kliëntsisteem aan te spreek.

- Dat maatskaplike werkers gedurig hulle eie gevoel rondom multikulturele aanneming sal evalueer, om te alle tye 'n objektiewe en kindgesentreerde assessering van voornemende ouerpare te kan doen.

- Dat 'n informele ondersteuningsnetwerk aangemoedig en in stand gehou word deur maatskaplike werkers met die fasilitering van ouergroepe waar gemeenskaplike belange gedeel word en probleme rondom multikulturele aanneming aandag kan geniet.

- Dat daar 'n sterk bevestiging vir 'n oop-deur beleid is ten einde toekomstige intervensie te vergemaklik wanneer die kinders groter is en dus meer blootstelling aan kulturele struikelblokke sal hê.

5.4 VERDERE NAVORSING

In die lig van die resultate van hierdie ondersoek wat daarop dui dat multikulturele aanneming 'n opsie vir ouerlose kinders is en dat kulturele vaardighede deur beide maatskaplike werkers en voornemende aanneemouers ontwikkel moet word vir suksesvolle plasings, word verdere navorsing ten opsigte van die volgende aanbeveel:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- 'n Opvolging van die studie wanneer die kinders ouer is en self by die navorsing betrokke kan wees.

- 'n Meer uitgebreide studie omtrent multikulturele aanneming op nasionale vlak wat 'n groter groep respondente kan betrek.

- Navorsing ten opsigte van maatskaplike werkers se standpunt rondom multikulturele aanneming.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BIBLIOGRAFIE

ANDERSON, G.R. 1997. Achieving Permanency for All Children in the Child Welfare System. **Journal of Multicultural Social Work,** 5(1/2):1-7.

AXELSON, J.A. 1999. **Counseling and development in a multicultural society.** 3rd ed. Pacific Grove : Brooks/Cole Publishing Company.

BABBIE, E. 1989. **The Practice of Social Research.** 5th ed. Belmont, California : Wadsworth Inc.

BABBIE, E. & MOUTON, J. 2001. **The practice of social research**. Cape Town : Oxford University Press.

BARTHOLET, E. 1991. Where do black children belong? The politics of race matching in adoption. **University of Pennsylvania Law Review**,139(5):1163-1256.

BISMAN, C. 1994. **Social Work Practice. Cases and Principles**. Pacific Grove : Brooks/Cole Company.

BISMAN, C.D. 1999. Social Work Assessment: Case Theory Construction. **Families in Society**, 80(3):240-246.

CHURCH, J. 1996. **Cross-cultural adoption in constitutional perspective**. Pretoria : Universiteit van Suid-Afrika.

CLIFFORD, D. & CROPPER, A. 1997. Parallel processes in researching and assessing potential carers. **Child and Family Social Work**, 2(4): 235-246.

COMPTON, B.R. & GALAWAY, B. 1999. **Social Work Processes.** 6th ed. Illinois : The Dorsey Press.

CONGRESS, E.P. 1997. **Multicultural Perspectives in working with families**. New York : Springer Publishing Company, Inc.

COURTNEY, M.E. 1994. Factors associated with the reunification of foster children with their families. **Social Service Review**, 68(1):81-108.

COURTNEY, M.E. 1997. The Politics and Realities of Transracial Adoption. **Child Welfare**, 76(6): 749-779.

CRAIG, G.J. 1996. **Human Development**. New Jersey: Prentice Hall International.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

CURTIS, C.M. 1996. The Adoption of African American Children by Whites: A Renewed Conflict. **Families in Society**, 77(3):156-165.

DEVORE, W. & SCHLESINGER, E.G. 1996. **Ethnic-Sensitive Social Work Practice.** Toronto : The CV Mosby Company.

DE VOS, A.S. (ed). 2002. **Research at grass roots.** 2nd ed. Pretoria : Van Schaik.

DOUGHERTY, A.M. 1990. **Consultation. Practice and Perspectives**. Belmont : Wadsworth Printing.

ELY, P. & DENNEY, D. 1989. **Social work in a multiracial society**. Hampshire : Gower Printing.

FOUCHè, C.B. 2002. **In**. DE VOS, A.S. (ed). **Research at grass roots.** 2nd ed. Pretoria : J.L. van Schaik.

GRAY, M. 1996. Towards the understanding of developmental social work. **Social Work Practice,** 2:8-13.

GREEN, J. & LEIGH, J. 1989. Teaching Ethnographic Methods to Social Service Workers. **Practicing Anthropology,** 11(1989):8-9.

HANCOCK, M.R. 1997. **Principles of social work practice. A Generic Practice Approach**. Birmingham : The Haworth Press, Inc.

HEATON, J. 1989. The relevance of race and classification in terms of the Population Registration Act 30 of 1950 for Adoption in South Africa. **The South African Law Journal,** 106:713.

HOLLINGSWORTH, L.D. 1998. Promoting Same-Race Adoption for Children of Color. **Social Work,** 43(2):104-116.

HOLLINGSWORTH, L.D. 1999. Symbolic Interactionism, African American Families, and the Transracial Adoption Controversy**. Social Work,** 44(5):443-453.

HOLLINGSWORTH, L.D. 2000. Sociodemographic Influences in the Prediction of Attitudes toward Transracial Adoption. **Families in Society,** 81(1):92-100.

HOWE, D., DOOLEY, T. & HININGS, D. 2000. Assessment and decision-making in a case of child neglect and abuse using an attachment perspective. **Child and Family Social Work,** 5(2):143-155.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HUH, N.S. & REID, W.J. 2000. Intercountry, transracial adoption and ethnic identity. **International Social Work,** 43(1):75-87.

INGOLDSBY, B.B. & SMITH, S. 1995. **Families in Multicultural Perspective**. New York : The Guilford Press.

IVEY, A.E.; IVEY, M.B. & SIMEK-DOWNING, L. 1987. **Counseling and Psychotherapy. Integrating Skills, Theory and Practice.** New Jersey : Prentice Hall.

JACKSON, A.P. 1995. Diversity and Oppression. **In**: MEYER, C.H. & MATTAINI, M.A. (ed) **The foundations of Social Work Practice.** USA:NASW Press.

JOHNSON, D.W. 1990. **Reaching Out. Interpersonal Effectiveness and Self-Actualization.** New Jersey : Prentice Hall.

JOHNSON, L. [online]. 2002. **Aids stats questioned**. Available: http://www.health24.co.za. [19 November 2002].

JOHNSON, L.C. 1995. **Social Work Practice. A Generalist Approach**. Toronto: Allyn & Bacon Inc.

JOHNSON, P.R.; SHIREMAN, J.F. & WATSON, K.W. 1987. Transracial Adoption and the development of black identity at age eight. **Child Welfare,** 66: 45-55.

JOUBERT, D.J. 1993. Interrracial Adoptions: can we learn from the Americans? **The South African Law Journal,** 110: 726-738.

LEDDERBOGE, F. 2002. Families find the 'new SA' supportive. **Children First,** 6(44):9-10.

LIFSCHITZ, D.; KGOADI, B. & VAN NIEKERK, S.M.F. 1992. Three views of a psychotherapy service in Mamelodi. **In**: MASON, J.; RUBENSTEIN, J. & SHUDA,S. (ed). **From Diversity to Healing**. Durban : SAIMFT.

LOMBARD, A. Developmental social welfare in South Africa: A theoretical framework. **Social Work/Maatskaplike Werk,** 33(2):162-172.

LUM, D. 1992. **Social Work Practice & People of Color**. **A Process-Stage Approach**. California : Brooks/Cole Publishing Company.

MARTINEZ, E. 1996. Beyond Black/White. The racisms of our time. **In:** ROGERS, M.F. (ed). **Multicultural Experiences, Multicultural Theories.** New York : The McGraw-Hill Companies, Inc.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

McPHATTER, A.R. 1997. Cultural Competence in Child Welfare: What is it? How do we achieve it? What happens without it? **Child Welfare,** 76(1):255-278.

McROY, R.G. 1994. Attachment and Racial Identity Issues: Implications for child placement decision making. **Journal of Multicultural Social Work,** 3(3):59-74.

McROY, R.G. & GRAPE, H. 1999. Skin Color in Transracial and Inracial Adoptive Placements: Implications for Special Needs Adoptions. **Child Welfare,** 78(5):673-692.

MELINA, L.R. 1998. **Raising Adopted Children. A manual for adoptive parents.** New York : Harper & Row Publishers.

MIDGLEY, J. 1995. **Social Development: The Social Development Perspective in Social Welfare**. London : Sage Publishers.

MORELLI, P.T.T. & SPENCER, M.S. 2000. Use and Support of Multicultural and Antiracist Education: Research-Informed Interdisciplinary Social Work Practice. **Social Work,** 45(2):166-175.

MOTSIKATSANA, T.L. 1995. Transracial Adoptions: Are we learning the right lessons from the Americans and the Canadians? **South African Law Journal,** 112:606-628.

MOUTON, J. 2000. **How to succeed in your Master's & Doctoral Studies**. Pretoria : Van Schaik.

MUNCIE, J. & SAPSFORD, R. 1995. Issues in the study of the family. **In**: MUNCIE, J. ; WETHERELL, M.; DALLOS, R. & COCHRANE, A. (eds) **Understanding the family.** London: SAGE Publications Ltd.

NEWMAN, B.M. & NEWMAN, P.R. 1987. **Development through life: A Psychosocial Approach**. Chicago : The Dorsey Press.

NEUKRUG, E. 2002. **Skills and techniques for human service professionals**. Pacific Grove : Brooks/Cole.

NöTHLING-SLABBERT, M. 1995. Child Custody and race in the light of the new South African Constitution: a comparative approach. **CILSA,** 28(3): 363.

O'NEIL- McMAHON, M. 1996. **The general method of social work practice. A generalist perspective**. 3rd ed. Boston : Allyn & Bacon.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OWUSU-BEMPAH, J. & HOWITT, D. Socio-genealogical connectedness, attachment theory, and childcare practice. **Child & Family Social Work**, 2(4):199-207.

PINCUS, A. & MINAHAN, A. 1973. **Social Work Practice: Model and Method.** Illinois : FE Peacock Publishers, Inc.

POTGIETER, M.C. 1998. **The Social Work Process**. New Jersey: Prentice Hall.

RICHARDS, B. 1994. What is Identity? In GABER, I. & ALDRIDGE, J. (eds). **In the best interest of the child.** London : Free Association Books Ltd.

RICHMOND, M. 1917. **Social Diagnosis**. New York : Russel Sage Foundation.

SAMUELS, S.C. 1990. **Ideal Adoption. A Comprehensive Guide to Forming an Adoptive Family**. New York : Plenum Press.

SCHURINK, E.M. 2002. Deciding to use a qualitative research approach. **In**. DE VOS, A.S. (ed). **Research at grass roots.** 2nd ed. Pretoria : J.L. van Schaik.

SHEAFOR, R.W.; HORESJI, C.R. & HORESJI, G.A. 1994. **Techniques and guidelines for social work practice**. London : Allyn and Bacon.

SIMON, R.J. & ALTSTEIN, H. 2000. **Adoption Across Borders. Serving the children in transracial and intercountry adoptions**. Lanham : Rowman & Littlefield Inc.

SIPORIN, M. 1975. **Introduction to social work practice**. New York : Macmillan Publishing Co., Inc.

SLONIM-NEVO, V. 1997. Evaluating Practice: The dual roles of clinician and evaluator. **Families in Society**, 78(3):228-239.

STONE, C. 1994. **Focus on Families**. London : The MacMillan Press Ltd.

SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Welsyn. 1998. **Information Guide for Social Workers on the practical Application of the Child Care Act 74 of 1983, as amended and regulations.** Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Welsyn. 1997. **White Paper for Social Welfare**. Pretoria : Staatsdrukker.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn. 1990. **Verslag van die Komitee van Ondersoek na Pleegsorg van Kinders**. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). **Bevolkingsregistrasiewet, No 30 van 1950**. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). **Kinderwet, No 33 van 1960.** Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). **Wet op Kindersorg, No 74 van 1983**. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). **Kindersorgwysigingswet, No 86 van 1991**. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). **Kindersorgwysigingswet, No 96 van 1996**. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). **Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap, No 44 van 1949**. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). **Keuse op terminering van swangerskapswet, Wet 92 van 1996**. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). **Konstitusie, Wet 200 van 1993**. Pretoria : Staatsdrukker.

THOMAS, N. & O'KANE, C. 2000. Discovering what children think: Connections between research and practice. **British Journal of Social Work,** 30:819-835.

THOMAS, D.L. & WILCOX, J.E. 1987. The rise of family theory: A Historical and critical analysis. **In:** SUSSMAN, M.B. & STEINMETS, S.K. (eds). **Handbook of marriage and the family.** New York : Plenum Press.

U.S DEPARTMENT OF HEALTH AND HUMAN SERVICES. 1976. **A Handbook for Social Workers. Permancy Planning for Children in Foster Care.**

Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk. 1995. **Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk.** Hersiene en Uitgebreide Uitgawe. Kaapstad : CTP Book Printers (Pty) Ltd.

VONK, M.E.; SIMMS, P.J. & NACKERUD, L. 1999. Political and Personal Aspects of intercountry Adoption of Chinese Children in the United States. **Families in Society**, 80(5): 496-505.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VONK, M.E. 2001. Cultural Competence for Transracial Adoptive Parents. **Social Work,** 46(3): 246-255.

WEEKES, M.S. 2001. Social Welfare Policy Formulation and Analysis: A Model for South Africa. **Social Work/Maatskaplike Werk**, 37(2):165-181.

WEINER, A. & KUPERMINTZ, H. 2001. Facing adulthood Alone: The Long-term impact of family break-up and infant institutions, a longitudinal study. **British Journal of Social Work**, 31: 213-234.

WILLIAMS, M. , TUTTY, L.M & GRINNEL, R.M. 1995. **Research in Social Work**. **An Introduction**. Illinois : FE Peacock Publishers.

WILSON, F. & RAMPHELE, M. 1989. **Uprooting Poverty. The South African Challenge**. Cape Town : Creda Press.

WOODLEY-BROWN, A. & BAILEY-ETTA, B. 1997. An out-of-home care system in crises: Implications for African American Children in the child welfare system. **Child Welfare,** 76(1): 65-83.

ZAAL, N. 1994. Avoiding the best interest of the child. Race-matching and the Child Care Act 74 of 1983. **South African Journal of Human Rights**, Vol 10: 372-384.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAAG 1: Vraelys

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Universiteit van Stellenbosch
Departement Maatskaplike Werk
Augustus 2002

RIGLYNE VIR MAATSKAPLIKE WERKERS TYDENS MULTIKULTURELE AANNEMINGS

Die doel van hierdie ondersoek is om die behoeftes van ouers wat multikultureel kinders aanneem vas te stel, ten einde maatskaplike werkers in staat te stel om 'n kwaliteit diens te verseker.

Aangesien u ouers is wat multikultureel kinders aangeneem het, maak u persoonlike ondervinding van u kenners op hierdie gebied en u bereidheid om hierdie vraelys in te vul, word opreg waardeer.

Dit sal op prys gestel word indien u asseblief deurgaans u persoonlike ervaring sal gebruik om die vrae te beantwoord. Die inligting wat u verskaf sal te alle tye konfidensieël hanteer word.

U is welkom om my by die onderstaande nommer te skakel indien u enige vrae of onsekerheid ondervind rondom die vrae.

By voorbaat dankie.

Esna Bruwer
Tel: 021 – 8724900 Sel: 083 626 9977

The University of Stellenbosch
Department of Social Work
August 2002

GUIDELINES FOR SOCIAL WORKERS DURING MULTICULTURAL ADOPTIONS

The purpose of this investigation is to establish the needs of parents who adopt children multiculturally, so as to enable social workers to ensure a quality service.

As you are parents who have adopted children multiculturally, your personal experiences make you experts in the field and your willingness to complete this questionnaire is sincerely appreciated.

It would be appreciated if throughout the questionnaire you used your personal experiences to answer the questions. The information that you provide will at all times be handled confidentially.

You are welcome to phone me on the numbers listed below if you have any questions or uncertainties regarding the questions.

Thank you in anticipation.

Esna Bruwer
Tel: 021 – 8724900 Cell: 083 626 9977

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Instruksies:

1. Vul asseblief die vraelys so volledig moontlik in.

2. Gebruik die geadresseerde koevert wat ingesluit is om die voltooide vraelys **sonder u naam** terug te stuur.

3. Pos asseblief ook terselfdertyd die ingeslote poskaart **met u naam daarop** aan my terug. Dit sal vir my 'n aanduiding wees dat u anonieme vraelys ingestuur is.

4. Pos die vraelys asseblief nie later as **13 September 2002** aan my terug.

Instructions:

1. Please complete the questionaire as comprehensively as possible.

2. Use the addressed envelope to return the questionaire **without your name on**.

3. At the same time return the included postcard **with your name on** . This will be an indication that you have posted the anonymous questionaire.

4. Please return the questionaire no later than **13 September 2002**.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

MERK NET EEN ANTWOORD MET 'N (X), BEHALWE WAAR DAAR INSTRUKSIES IS DAT U MEER AS EEN ANTWOORD KAN GEE.

1. IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE

1.1 Ouderdomsgroep

Jonger as 25 jaar	
26 – 30 jaar	
31 – 35 jaar	
36 – 40 jaar	
Ouer as 41 jaar	

1.2 Inkomstegroep
(gesamentlike inkomste van u huishouding)

Minder as R96 000 per jaar	
R96 001 – R132 000 per jaar	
R132 01 – R192 000 per jaar	
R192 001 – R360 000 per jaar	
Meer as R360 000	

1.3 Hoeveel biologiese kinders het u?

1.4 Hoeveel aangenome kinders het u?

1.5 Hoe oud was u kind of kinders toe u hom of haar aangeneem het?

Kind	Ouderdom
1.	
2.	
3.	
4.	

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2. MAATSKAPLIKE WERKERS SE VAARDIGHEID OM MULTIKULTURELE AANNEMINGS TE FASILITEER

2.1 Deur watter organisasie het u die aanneming gedoen?

ACVV	
Kinder- en Gesinsorg	
CMR	
Pro Care	

Ander (spesifiseer asseblief):

_____

_____

_____

2.2 Hoe het u die maatskaplike werker se **ingesteldheid** teenoor multikulturele aanneming ervaar?

Baie goed, bv. sterk ondersteunend, empaties	
Bevredigend, bv. neutraal	
Negatief, bv. onbetrokke, onsensitief , ongemaklik	

2.3 Hoe het u die maatskaplike werker se **kennis** rondom multikulturele aannemings ervaar?

Baie goed	
Goed	
Bevredigend	
Swak	
Totaal onvoldoende	

2.4 In watter mate was die maatskaplike werker ingelig oor **kulturele aspekte** rakende u aanneming?

Baie goed	
Goed	
Bevredigend	
Swak	
Totaal onvoldoende	

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.5 Van watter van die volgende persone of instansies geniet u tans ondersteuning?

Bron van ondersteuning	*Aard van ondersteuning*
Maatskaplike werk	....
Kerk	....
Sielkundige	....
Familie	....
Ander	....

Indien ander, beskryf asseblief:

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.6 Benodig u aanvullende ondersteuning ten opsigte van aspekte rakende die aanneming van u kind?

Ja	
Nee	

Indien ja, beskryf asseblief:

_____

_____

_____

_____

3. KENNIS EN VAARDIGHEDE WAT OUERS BENODIG OM KINDERS VANUIT 'n ANDER KULTUUR AAN TE NEEM

3.1(a) Hoe ingelig en kundig was u **vóór** die aanneming aangaande multikulturele aspekte?

_____

_____

_____

_____

_____

(b) Hoe ingelig en kundig is u **nà** die aanneming aangaande multikulturele aspekte?

_____

_____

_____

_____

_____

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.2 Hoe was u gesin se aanpassing nadat u 'n kind vanuit 'n ander kultuur aangeneem het?

Baie goed	
Redelik goed	
Gemiddeld	
Problematies	
Baie problematies	

Motiveer u antwoord asseblief:

_____

_____

_____

_____

_____

3.3 Wat was u **familie** se optrede na die aanneem van u kind?

Sterk ondersteunend	
Begrypend	
Empaties	
Afsydig	
Problematies	

Motiveer u antwoord asseblief:

_____

_____

_____

_____

_____

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.4 Wat was u **vriende** se optrede na die aanneem van u kind?

Sterk ondersteunend	
Begrypend	
Empaties	
Afsydig	
Problematies	

Motiveer u antwoord asseblief:

_____

_____

_____

_____

_____

3.5 Hoe beleef u die **gemeenskap** waar u woon se gesindheid ten opsigte van multikulturele aanneming?

Sterk ondersteunend	
Begrypend	
Empaties	
Afsydig	
Problematies	

Motiveer u antwoord asseblief:

_____

_____

_____

_____

_____

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.6 Hoe belangrik ag u dit dat u aangenome kind kontak behou met persone van dieselfde kultuur as u kind?

Essensieel	
Baie belangrik	
Redelik belangrik	
Min belangrik	
Totaal onnodig	

3.7 Verwag u dat u kind met situasies of voorvalle gekonfronteer mag word wat met rassisme verband hou (bv. opmerkinge of verwerping as gevolg van sy/haar verskil in voorkoms van u of ander persone met wie in aanraking gekom word).

Ja	
Nee	

Indien ja, voel u toegerus om u kind te help om rassisme te hanteer sou hy of sy daarmee in aanraking kom?

Motiveer u antwoord asseblief:

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.8 Gebruik asseblief die ruimte hieronder indien u enige aspek van multikulturele aannemings wat nie hierbo gedek is nie, wil noem.

Baie dankie vir u deelname en tyd.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ONLY MARK ONE ANSWER WITH AN (X), EXCEPT WHERE THE INSTRUCTIONS STATE THAT YOU CAN GIVE MORE THAN ONE ANSWER.

1. IDENTIFYING DETAILS

1.1 Age group

Younger than 25 years	
26 – 30 years	
31 – 35 years	
36 – 40 years	
Older than 41 years	

1.2 Income group
(combined income of your household)

Less than R96 000 per year	
R96 001 – R132 000 per year	
R132 01 – R192 000 per year	
R192 001 – R360 000 per year	
More than R360 000	

1.3 How many biological children do you have?

1.4 How many adoptive children do you have?

1.5 How old was your child or children when you adopted him or her?

Child	Age
1.	
2.	
3.	
4.	

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2. SOCIAL WORKER'S COMPETENCE TO FACILITATE MULTICULTURAL ADOPTIONS

2.1 Through which organisation did you arrange the adoption?

ACVV	
Child and Family Welfare	
CMR	
Pro Care	

Other (please specify):

_____

_____

_____

2.2 How did you experience the social worker's **disposition** towards multicultural adoption?

Very good, e.g. strongly supportive, empathic	
Satisfactory, e.g.. neutral	
Negative, e.g. uninvolved, insensitive, uncomfortable	

2.3 How did you experience the social worker's **knowledge** of multicultural adoptions?

Very good	
Good	
Satisfactory	
Poor	
Totally inadequate	

2.4 To what extent was the social worker informed about **cultural aspects** concerning your adoption?

Very good	
Good	
Satisfactory	
Poor	
Totally inadequate	

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.5 From which of the following people or institutions do you receive support at present?

Source of support	*Nature of support*
Social work	....
Church	....
Psychologist	....
Family	....
Other	....

If other, please describe:

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.6 Do you require supplementary support with regard to aspects concerning the adoption of your child?

Yes	
No	

If yes, please describe:

_____

_____

_____

_____

3. KNOWLEDGE AND SKILLS THAT PARENTS REQUIRE IN ORDER TO ADOPT CHILDREN OF ANOTHER CULTURE

3.1(a) How informed and knowledgeable were you regarding multicultural aspects **before** the adoption?

_____

_____

_____

_____

_____

(b) How informed and knowledgeable are you regarding multicultural aspects **after** the adoption?

_____

_____

_____

_____

_____

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.2 How was your family's adjustment after you adopted a child of another culture?

Very good	
Reasonably good	
Average	
Problematic	
Very problematic	

Please motivate your answer:

_____

_____

_____

_____

_____

3.3 How did your **family** react to the adoption of your child?

Strongly supportive	
Understanding	
Empathic	
Detached	
Problematic	

Please motivate your answer:

_____

_____

_____

_____

_____

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.4 How did your **friends** react to the adoption of your child?

Strongly supportive	
Understanding	
Empathic	
Detached	
Problematic	

Please motivate your answer:

_____

_____

_____

_____

_____

3.5 How do you experience the disposition of the **community** in which you live with regard to multicultural adoption?

Strongly supportive	
Understanding	
Empathic	
Detached	
Problematic	

Please motivate your answer:

_____

_____

_____

_____

_____

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.6 How important is it to you that your adoptive child maintains contact with people of the same culture as your child?

Essential	
Very important	
Reasonably important	
Less important	
Totally unnecessary	

3.7 Do you anticipate that your child may be confronted with situations or incidents that relate to racism (e.g. comments or rejection as a result of the difference in his/her appearance from yourself or other people with whom he/she comes into contact).

Yes	
No	

If yes, do you feel equipped to help your child to deal with racism if he or she were to come into contact with it?

Please motivate your answer:

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.8 Please use the space provided below if you wish to mention any aspect of multicultural adoptions that has not been covered by this questionnaire.

Thank you for your participation and your time.